Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe
Kompas

TEMA

Jaargang 19 no 1
Desember 2009/
Januarie 2010

- **Huweliksbemiddeling .. 2**
- **Die Kerk sien! 4**

.
- Kerknuus 7
- Versmoor 9
- ICRC 2009 – Nieu Seeland 11
- Ek is bang! 14
- Van Kores tot Christus (2) 16
- Draers van pragtige nuus (1) 19
- Hoe betroubaar is ons geskiedenisboeke? 22
- Kan alle verskille oorbrug word? 25
- 'The Voyage that shook the world' 27
- Demokrasie in Afrika 29
- Boekenuus 31

CHRISTUS in die MIDDEL

Alle weë lei na… nee, nie na Rome nie, maar na Betlehem. As gelowiges wat weer die adventstyd binnegaan, kan ons sê dat alle weë op daardie wonderlike nag van Jesus Christus se geboorte na Betlehem gelei het. Die herders se weg het na Betlehem gelei: "Laat ons dan na Betlehem gaan…" (Luk 2:15). Die ster se Goddelik-bepaalde wentelbaan het Hom by Betlehem gebring: "En kyk, die ster wat hulle in die Ooste gesien het, gaan voor hulle uit todat hy kom en bly staan bo-oor die plek waar die Kindjie was" (Matt 2:9). Gevolglik het ook die wyse manne se reis sy eindbestemming in Betlehem gevind. En as dit van Herodes afgehang het, sou hy sekerlik ook Betlehem toe wou gaan… hoewel nie met suiwer bedoelings nie.

Ja, alle weë het in daardie nag na Betlehem gelei, na die stal in Betlehem, na die krip waarin die Messias gelê het. Jesus Christus was in daardie nag voorwaar die middelpunt van aandag in die hemel sowel as op die aarde.
Hy is egter nie slegs die *middelpunt* nie, maar ook die *Middelaar*! Hy staan enersyds tussen God en die mens om hulle met mekaar te versoen, en andersyds bring Hy die mens en sy naaste asook die mens en alle geskape dinge weer in die regte verhouding tot mekaar. Jesus Christus in die middel… tussen my en God, tussen my en my werk, tussen my en die kerk, tussen my en my ontspanning, tussen my en my vrou, tussen my en elke ander ding in die lewe. Anders – en besef baie goed hierdie konsekwensie – begin ek afgodery bedryf met my werk, met die kerk, met my ontspanning, met my vrou. Jesus Christus het alles te make met die eerste gebod!
Aan die tema 'Christus in die middel' wil die redaksie van *Kompas* in hierdie laaste uitgawe van 2009 – wat tewens die eerste uitgawe van 2010 is – aandag gee. Dit bepaal ons by die ware bedoeling van Kersfees, asook by die regte fokus vir die nuwe jaar.

Christus in die middel…
Uiteraard wil *Kompas* dien as rigtingwyser vir die gereformeerde lewe… 'n baie breë veld. Maar uiteindelik wys hierdie rigtingwyser net in een rigting: Jesus Christus. Die redaksie van *Kompas* wil lesers help om nader aan Jesus Christus te groei, sodat Hy in die middel sal staan. Verder wil ons ook nie ons werk in die redaksie doen as Christus nie tussen ons en *Kompas* staan nie. Anders begin ons afgodery bedryf met hierdie blad, en dan is alle ywer verniet. Ons spreek die wens uit dat u in hierdie uitgawe Christus beter mag leer ken.

Die Stigting *Woord en Wandel*, die redaksie en alle medewerkers wens die lesers 'n geseënde Christusfees toe!

Ds Erik van Alten

HUWELIKSBEMIDDELING

TEMA: Christus in die middel

Dit gebeur partymaal dat 'n egpaartjie besluit om 'n huweliksbemiddelaar om raad te gaan vra. Hulle twee is besig om uitmekaar te groei en soek nou hulp om mekaar nie heeltemal te verloor nie. Gelukkig is daar dan goeie huweliksberaders.
Ons meen: so'n huweliksbemiddeling moet 'n uitsondering wees wat die reël bevestig dat getroudes sonder 'n huweliksbemiddelaar moet kan regkom.
In hierdie artikel sal ek egter die stelling verdedig dat Christelike huwelike, hoe goed ook al, juis geen dag sonder huweliksbemiddeling kan regkom nie. Ja, dat juis die huwelike wat daagliks van 'n Huweliksbemiddelaar gebruik maak, die beste huwelike is.

Geen sirkel nie, maar verbinding
Die groot Huweliksbemiddelaar sonder Wie ons huwelike nie kan standhou nie, is natuurlik ons Here Jesus Christus. Hy is mos die Middelaar van ons hele lewe. Dus ook van ons huwelikslewe. As ons oor Christus se middelaarskap praat, beklemtoon ons veral die plek wat Hy tussen God en ons inneem. En dit is ook die eerste en mees belangrike rol wat Hy vervul. Maar daaruit vloei onvermydelik voort dat Hy nou ook plek inneem tussen my en alles waarmee ek in hierdie lewe te make kry. En as dit nie Hy is wat my aan 'n saak of 'n mens (kan) verbind nie, is dit lewensgevaarlik vir my. My lewe moet soseer 'Christus' wees (Fil 1:21a) dat daar niks en niemand in my lewe kan wees waarmee ek los van Christus 'n verbinding het nie. Op die huwelik toegepas: dit is Christus wat jou aan jou man of jou vrou moet verbind. Dit is Christus wat ons as man en vrou aan ons kinders moet verbind. En ons kinders aan ons as ouers.

Uit die staanspoor
Dit begin al dadelik wanneer twee jongmense verlief raak op mekaar. Hoe dikwels gebeur dit dat hulle aanvanklik maar net mekáár raaksien. En geneig is om die hele wêreld buite te sluit. Om selfs Christus (in elk geval: voorlopig) buite te sluit. Hy is nog glad nie in die prentjie nie. Sulke verhoudings begin uit die staanspoor nie goed nie. En kan ook heeltemaal verkeerd eindig. 'n Kind van die HERE behoort sy toekomstige man/vrou by Christus te soek. Hy moet van weerskante die aantrekkingskrag vorm. Waarsku God se Woord nie dat uiterlike skoonheid nie hou nie en 'n mooi voorkoms nie alles is nie? Nee, as sy die HERE dien, dán verdien 'n vrou om geprys te word! (Spr 31:30) En ons kan van 'n man dieselfde sê.
Dus soek 'n seun of 'n dogter wat Christus liefgekry het, sy of haar lewensmaat in die kerk.
Ek weet dat ook uit 'n vriendskap met iemand wat aanvanklik nie of nouliks vir Christus as sy Verlosser ken nie, 'n wonderlike, Christelike huwelik kan groei. In so'n geval moet die één wat self wel 'n kerklidmaat is, egter uit die staanspoor baie duidelik oor sy grootste liefde wees. Die ander persoon behoort dadelik te weet: 'God is in my lewe die allerbelangrikste. Hom het ek meer lief as enigiemand anders. Ook as jou. Indien ons dus eendag 'n huwelik wil sluit, sal dit alleen moontlik wees as daar ook by jou so'n groot liefde vir God en vir Jesus Christus groei. Dus sal ons heel eerste daaraan moet werk, voordat ons in ons verhouding al sover gekom het dat daar nie meer 'n terugpad is nie. Want God sê Self in die Bybel (2 Kor 6:14-16) dat 'n huwelik tussen 'n gelowige en 'n ongelowige nie moontlik is nie. Dit is dieselfde as om 'n perd en 'n os saam voor 'n wa te span - dit veroorsaak maar net ongelukke. 'n Mens kan ook nie 'n tempel vir Hom en 'n tempel waarin daar afgode vereer word, saamvoeg nie. Dus slegs wanneer ook jy met jou hele hart Christus as die Here oor jou lewe aanvaar het, sal ons eendag kan trou. Sal ons daarom 'n slag met ons predikant gaan gesels?'

Soos Christus die HERE dien
Indien Christus die verbindende faktor is tussen 'n man en 'n vrou wat hulle lewens wil saamvoeg, bepaal dit ook die doel wat hulle met hul huwelik nastreef. Dan begeer hulle nie net om mekáár gelukkig te maak nie. Hulle saam wil, nes Christus, ons Vader in die hemel bly maak. Hulle soek in hul liggaamlike toenadering, en, eers eenmaal getroud, in hul liggaamlike eenwording, nie net die bevrediging van hul eie en mekaar se verlangens nie. Maar hulle wil ook daarin die HERE se verlangens bevredig. Christus se huweliksbemiddeling voorkom dat die vrou 'n afgod vir haar man word, en andersom. Want die man sien sy vrou nooit los van Hom nie, maar juis in verbondenheid met Hom, en andersom. En dit wat Christus sy hele lewe hier op aarde gedryf het en in die hemel steeds dryf, dit is ook die dryfkrag van hulle twee saam: om jou hele lewe aan God toe te wy.

Die verbondenheid aan Christus bewerk ook die bereidheid in hulle om kinders te ontvang en vir die HERE groot te maak. Nie net soveel as wat hulle graag wil hê nie, maar soveel as wat die HERE vir hulle gee indien hulle op 'n verantwoorde manier met mekaar saamleef.
Met Christus in die middel, ook tussen hulle en hul kinders, maak hulle hul kinders nie in die eerste plek groot om beroemde rugby- of krieketspelers te word nie, nie om eendag in duur huise te woon met baie geld om te spandeer nie. Hulle streef met hul opvoeding daarna dat die gebed verhoor sal word wat op hul troudag al gebid is, naamlik of die HERE, indien Hy kinders vir hulle gee, hulle deur sy Gees wil help om hierdie kinders op te voed tot eer van sy heilige Naam en tot opbouing van sy gemeente en tot uitbreiding van sy heilige evangelie. Ook in die lewens van hulle kinders wil hulle hê dat Christus in die middel moet staan.

Vergewing om Christus ontwil

Nogtans kan daar ook in huwelike waarin Christus in die middel geplaas word, struwelinge en rusies plaasvind. Die een kan die ander met sy woorde of deur sy dade seermaak. Ook Christene bly hul lewe lank sondaars wat daagliks teen hul sondige geaardheid moet stry. Dit is egter Christus wat hulle ook in dergelike omstandighede aan mekaar bly verbind. Hy bly die groot Huweliksbemiddelaar by Wie hulle mekaar telkens weer vind.
By Wie hulle vergewing ontvang, sodat hulle ook mekaar se tekortkomings kan vergewe.
Hy is mos die Huweliksberader wat nie maar net mooi praat nie. Hy is die Berader wat Homself totaal en al opgeoffer het om ons verhoudings te red! Hy beperk sy hulp ook nie tot 'n reeks van soveel gesprekke en daarna moet ons self maar weer sien en kom klaar nie. Nee, Hy beywer Hom voortaan daarvoor dat ons verhouding met God én ons verhoudings met mekaar sal standhou. Daarvoor gee Hy ons sy Heilige Gees, om ons lewens te verbeter, na God toe en na mekaar toe, en om mekaar ook daarby te help. Die moeites kan so groot word en dreig om hand-uit te ruk, dat dit verstandig kan wees om ook 'n menslike huweliksberader in te skakel. Die Heilige Gees gebruik ook daardie mense. Maar 'n Christelike egpaar soek in so 'n geval by voorkeur 'n bemiddelaar wat self ook 'n Christen is en hom deur die Gees laat lei, sodat hy hulle sal help om Christus des te meer in die middel van hul huwelik te plaas.

Afskeid en weersiens in Christus

Wanneer twee mense trou, weet hulle dat hul huwelik sal duur totdat die dood hulle weer sal skei. Ook Christene weet dit. Eendag sal hulle mekaar as man en vrou weer moet loslaat. Kinders van die HERE wat uit die staanspoor Christus in die middel van hul huwelik plaas, weet egter ook dat die sterwe nie die finale afskeid tussen hulle twee sal wees nie. Selfs deur die dood heen is dit Christus deur wie hulle aan mekaar verbonde bly. Die een wat sterf, mag alreeds na Christus in die hemel gaan, die een wat agterbly, mag Christus ook hier op aarde daagliks naby weet in die Persoon van die Heilige Gees. Daarom sal hulle mekaar ook eendag weer vind. By Hom. Hetsy eers nog in die hemel, hetsy by sy terugkoms hier op aarde (1 Thess 4:17).
Dit sal egter nie die herstel van hul huwelik beteken nie. Hulle weet dit. In die opstanding trou mense nie meer nie (Luk 20:34,35). Maar dit is ook nie waarna hulle die meeste verlang nie. Alreeds tydens hul huweliks-lewe hier het Christus in die middel gestaan. Om naby Hom te wees, om Hom saam te mag dien - dit was die vernaamste. Dit sal des te meer die vernaamste wees ná hierdie lewe, in die herstelde, volmaakte lewe. Dan sal Christus volkome in die middel van die lewe van sy Christene wees (1 Thess 4:17-18).
"Troos en bemoedig mekaar dan met hierdie woorde" (1 Thess 4:18).

Ds FJ Bijzet *is predikant van die Vrye Gereformeerde Kerk (vrijgemaakt) te Brouwershaven, Nederland.*

Tema volgende KOMPAS:

HEILIGMAKING : Gawe en opdrag

Die kerk SIEN!

TEMA : Christus in die middel

Gesprek oor die kerk[1]

Ek onthou nog goed die uitdrukking van 'n paar dekades gelede: 'die kerk sien'. Hierdie uitdrukking is veral in negatiewe sin gebruik. Daar is dan gesê: Hy of sy sien nie die kerk nie. En ons het onmiddellik verstaan wat daarmee bedoel word. Iemand wat die kerk nie gesien het nie, het nie geglo dat die ware kerk duidelik aanwysbaar was met 'n konkrete adres nie. So iemand het gedink dat daar so iets soos 'n onsigbare kerk was, bó of bínne alle kerklike verdeeldheid. Of nog erger: iemand wat die kerk nie gesien het nie, het gedink dat dit slegs oor die persoonlike geloof gegaan het, en dat die kerk glad nie belangrik was nie.

Die laaste tyd hoor ek hierdie uitdrukking amper nooit meer nie. Is dit omdat almal die kerk nou wel sien? Dit is te goed om waar te wees. Ek vermoed eerder dat dit getuig van 'n sekere verleentheid. Ons het vir baie lank gedink dat óns in elk geval wel die kerk sien. Maar nou is ons nie meer so seker nie. Het ons in die verlede nie te groot woorde oor die kerk gehad nie? Moet ons nie oppas vir kerkisme nie? Wie durf nog sê dat hy die kerk sien, of dat 'n ander die kerk nie sien nie? Samevattend, as ons werklik die kerk reg wil sien, dan sal ons opnuut oor die leer van die kerk – die visie op die kerk – moet nadink.

In hierdie artikel gaan dit vir my oor die vraag wat ons geloof in Jesus Christus as die gekruisigde en opgestane Here van die kerk beteken vir die 'sien van die kerk'. In die eerste artikel gaan dit oor die plek van Christus as ons oor die kerk praat: Hy staan altyd in die middel. In die volgende artikel skryf ek oor die betekenis van Christus se kruisiging en opstanding vir die sien van die kerk.[2]

Bonhoeffer oor Christus in die middel

In 'n vorige artikel het ek gewaarsku vir 'n te gemaklike verbinding tussen die Christologie en die kerkleer. 'n Mens kan die leer oor die twee nature van Christus nie regstreeks toepas op die saamgaan van goddelike en menslike optrede in die kerk nie. Want by Christus het ons te make met die een Persoon van ons Heiland: goddelike en menslike natuur is persoonlik aan mekaar verbonde. Dit kan ons met betrekking tot die kerk nie sê nie. Die saamgaan van 'bo en onder' in die kerk moet gesien word in die kader van die werk van die Heilige Gees, wat mense in God se diens neem. Maar dit beteken natuurlik nie dat ons oor Christus kan swyg wanneer dit oor die kerk gaan nie.

Die vraag is wel *hoe* ons Hom ter sprake moet bring.

> Wanneer dit oor die kerk gaan, is die vraag hoe ons Christus ter sprake bring.

Om dit te doen, sluit ek aan by die uitdrukking 'Christus in die middel', wat ek ontleen aan Dietrich Bonhoeffer, die Duitse teoloog en martelaar onder Hitler, wie se honderdste geboortedag hierdie jaar herdenk word. Op die herdenkingsdag, 6 Februarie 2006, is 'n kongres oor Bonhoeffer gehou waar ek 'n lesing gehou het onder die titel: 'Christus in die middel'. Wat ek op hierdie punt by Bonhoeffer geleer het, wil ek graag op die kerk van toepassing maak.

By Bonhoeffer lê daar groot nadruk op die feit dat Christus altyd in die middel staan. Hy sê selfs: dit is die wese van die Persoon van Christus om in die middel te wees. Hy is in die middel van die menslike bestaan, van die geskiedenis, van die natuur.
Maar wat beteken dit dat Christus in die middel staan? Moontlik het ons dan die beeld van 'n sirkel,



waarin Christus in die middelpunt staan. Dit is natuurlik 'n mooi beeld. Die sentrale plek van Christus word daardeur aangedui. Alles draai om Hom. Maar tegelykertyd is dit 'n beperkte beeld. Want as 'n sirkel groot is, dan is dit moontlik dat jy tog nog ver van die middelpunt af beweeg. In 'n groot deel van daardie sirkel kom jy min met die middelpunt in aanraking. Dit sou beteken: in 'n groot deel van die Christelike lewe het jy min met die middelpunt te make.

Dit is nie Bonhoeffer se bedoeling nie. Dit gaan vir hom nie oor die middelpunt van 'n sirkel nie, maar oor die middel tussen twee pole. As Christus in die middel staan, dan beteken dit dat Hy altyd tussen my en die ander staan, tussen my en al die ander. Ek het met niks en niemand 'n onbemiddelde verhouding nie. Ek het geen regstreekse verhouding met my vrou nie: ek is aan haar verbonde in Christus. Ek het geen regstreekse verhouding met my werk nie. Ek doen my werk immers in die Here. Ek het geen regstreekse verhouding met my volk nie. Slegs in Christus beteken my land iets vir my.



Dit beteken dat my vrou, of my werk, of my volk nooit 'n afgod vir my kan word nie. Want Christus staan altyd in die middel.
Vir Bonhoeffer het hierdie visie onder andere beteken dat hy radikaal posisie gekies het teenoor die afgodery van die nazi's met ras, bloed en bodem. Die wese van die nazisme is dat daar 'n onbemiddelde verhouding bestaan tussen my en my ras, my land, my Führer. Dit is die afgodery van die nazi-ideologie.
Bonhoeffer het homself daarteen verset met opoffering van sy eie lewe. Want hy het geglo dat Christus in die middel staan.

Betekenis vir die kerk
Wat beteken dit dan vir ons denke oor die kerk? Christus staan in die middelpunt, dit beteken: ook met die kerk het ek geen onbemiddelde verhouding nie. Die kerk is nie alles vir my nie. Dit sou afgodery met die kerk wees. Ek kan oor die kerk slegs spreek 'in Christus'. Wil ek 'die kerk sien', dan moet ek my blik op Christus rig. Slegs as ek Hom in die oog hou, kan ek suiwer oor die kerk spreek.

Wil ek 'die kerk sien', dan moet ek my blik op Christus rig.

Dit is nie my betoog dat dit vroeër nie gesien is nie. Natuurlik het mense in vroeër jare ook besef dat dit oor die geloof in Jesus Christus gaan. Die bykans eenstemmige afwysing van die gedagtes van ds J Hoorn het dit duidelik gemaak.

Ons wou nie aanvaar dat die kerk die troos van die gelowiges is nie, want ons enigste troos is dat ons aan Jesus Christus behoort. Maar omdat die besprekings so dikwels oor die kerk gegaan het, het dit tog 'n min of meer selfstandige onderwerp geword. Dat 'om die kerk te sien' altyd eers beteken 'om ons aandag op Christus te rig', het gedreig om vergete te word.

Daar is boonop ook 'n ander kant aan hierdie saak. As Christus werklik in die middel staan, dan kan jy Hom nie 'uitspeel' teen die kerk nie. Jy kan geen teenstelling daarvan maak nie: dit gaan oor Christus, en daarom gaan dit nie oor die kerk nie. Nee, dit gaan oor Christus en juis daarom gaan dit oor die kerk. Dit gaan daaroor dat ek die kerk sien met die oog op Christus. Deur die geloof in Christus word die kerk vir my van betekenis. Die kerk is 'n geloofsartikel, soos prof K Schilder steeds benadruk het. Die kerk is geen selfstandige geloofsartikel nie, net so min as wat die vergewing van sonde dit sou wees. Jy glo in die vergewing van sondes, omdat jy in Christus glo. Jy glo 'n heilige, algemene, Christelike kerk, omdat jy in Christus glo. Maar dan glo jy die kerk ook werklik. Dit is ononderhandelbaar.

Let maar daarop watter noue verbintenis daar in die Bybel in die verhouding tussen Christus en die kerk is. Die kerk is die liggaam van Christus, waarvan ons almal lede is (1 Kor 12). Of, 'n ander beeld: Christus is die Hoof, die gemeente is sy liggaam (Ef 1). Of: die gemeente is die bruid van Christus, met wie Hy bruilof wil vier (Ef 5, Openb 19). Al hierdie beelde maak duidelik dat daar 'n baie hegte band is tussen Christus en die kerk. Om te glo in Christus beteken inderdaad: in die kerk glo. Beide is onlosmaaklik aan mekaar verbonde.

Om hierdie verbinding nog beter te omskryf, sou jy kon sê: die kerk is die plek waar Christus in die middel staan. In die kerk wil Hy aanwesig wees, deur Woord en sakrament, in die krag van die Heilige Gees. In daardie opsig is dit inderdaad baie belangrik dat 'n mens die kerk goed sien. Die kerk is nie sommer een van vele

samelewingsverbande nie: gesin, staat, skaakklub en ook nog 'n kerk. Juis wanneer jy die kerk in Christus bekyk, kry jy die besondere van die kerk in die oog: daar wil die Here woon, daar is dus die bron van die heil. As Christus werklik in die middel staan, dan kom die kerk sentraal te staan. Want die eenheid met Christus ons Here is nie los beskikbaar van die eenheid met die kerk nie. "Dat almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees", so bid Jesus in Johannes 17. Die eenheid van God die Vader en God die Seun, die eenheid van die gelowige met God en met Christus, die eenheid van die kerk: dit lê alles in mekaar se verlengde.

Om te glo in Christus beteken inderdaad: die kerk glo.

Slotsom

Dit lei my op hierdie punt tot 'n tweeledige slotsom. Die eerste lui: 'Christus in die middel' beteken dat dit baie belangrik bly om die kerk goed te sien. Kyk na Christus, dan kan dit nie anders nie as dat jy ook die kerk sien. Ek kry soms die gevoel dat ons so bang is vir kerkisme dat die kerk amper nie meer 'n rol vir ons lyk te speel nie. Dit kom so voor wanneer dit byvoorbeeld gaan oor die soeke na kerklike eenheid. Sommige mense wonder waarom dit so belangrik sou wees. Waarvoor is al die moeite dan nou nodig? Dit gaan mos oor Christus! Dit is my vaste oortuiging dat ons nie so daaroor moet begin dink nie. Dit bly van die grootste belang om te werk aan die eenheid van die kerk. Juis omdat Christus in die middel staan.

Maar my tweede slotsom is: die kerk sien – dit kan alleen in Christus gedoen word. Ondanks die belangrikheid van die kerk, moet jy haar tog relativeer. Slegs in Christus is die kerk van betekenis. Dit beteken byvoorbeeld dat jy nie so maklik kan praat oor geloof in Christus buite die kerk nie. Asof jy sou kon sê: natuurlik is daar orals gelowiges, maar dit sê nog niks oor die kerk nie. As dit regtig niks oor die kerk sê nie, dan is daar groot fout met die kerk. Want ons eerste verhouding is met Christus, nie met die kerk nie. Ek bedoel dit nie kronologies nie, maar teologies. Ons ontvang van Christus die gemeenskap met die kerk, nie andersom nie.
Anders gestel: hy wat die geloof ontvang het van die Gees van Christus, word deur Hom vergader tot sy gemeente. En om dit in die woorde van prof Schilder te sê: as ons dan nie met Hom vergader nie, het ons 'n groot probleem. Juis wanneer Christus in die middel staan, as jy die kerk slegs in Christus wil sien, juis dan blyk hoe groot die probleem van kerklike verdeeldheid is. Dit is die – vir ons onoplosbare – konflik tussen die volmaakte werk van die Gees van Christus en die baie onvolmaakte wyse waarop ons ons verantwoordelikheid waarmaak. Dit is die verskriklike geheimenis van die ongeregtigheid, van die sonde, wat selfs in die kerk werk. Daar is geen passende formules om dit teologies onder woorde te bring nie. Daar is geen handige kerklike of organisatoriese draaiboeke om die probleem aan te pak nie.
Daarvoor sit die wortel van die verdeeldheid te diep. Slegs in Christus is daar hoop vir die toekoms, ook met betrekking tot kerklike eenheid.

Prof dr B Kamphuis *is hoogleraar Dogmatiek aan die Teologiese Universiteit te Kampen, Nederland.*

---

[1] Hierdie artikel het oorspronklik verskyn in *De Reformatie*, jrg. 81, nr. 25, 25 Maart 2006, en is met toestemming vertaal vir *Kompas*. Verwysings na die eie konteks van Nederland is uitgehaal.
[2] As redaksie van *Kompas* plaas ons slegs die eerste artikel in hierdie tweedelige reeks.

KERKNUUS

Kerknuus

Australië - *korrespondent : Herbie Begemann*

Die afgelope maand het susters van al die Wes-Australiese gemeentes bymekaargekom vir die jaarlikse vrouesaamtrek. Hierdie jaar was dit Darling Downs se beurt om die reëlings vir die dag te tref. Die tema wat oor ons kultuurmandaat gehandel het, was deur ds Vermeulen ingelei. Na skatting het ongeveer 250 susters die verrigtinge bygewoon.

Die Byford-gemeente gaan deur 'n proses van afstigting. Die gemeente bestaan tans uit 500 lede en het baie groei oor die afgelope jare getoon. Ons is dankbaar teenoor die Here dat die nuwe gemeente, Mundijong, hoop om amptelik op 6 Desember 2009 te institueer nadat dit deur die klassis goedgekeur is. Hulle sal DV met 'n ledetal van 180 begin, wat beteken dat die bestaande Byford-gemeente na 320 lede verminder.

As die Here wil sal daar op 5 November 'n inligtings-aand gehou word i.v.m. ons susterkerke in Suid-Afrika. Br Kees Roose is tans hier en sal die aand 'n voorlegging hou oor die kerkverband in Suid-Afrika, die sendingwerk, ens.

500 jaar gelede is Johannes Calvyn gebore en dit is dan ook met dank teenoor die Here op verskeie wyses gevier, onder andere ook in die vorm van 'n opvoering. Die lewe en werk van Calvyn is op gepaste wyse deur Graad 11-leerlinge van ons hoërskool (John Calvin Christian College) opgevoer met die naam "Post Tenebras Lux" ofte wel "Na Duisternis kom Lig". Hoogtepunte uit Calvyn se lewe is uitgelig, soos bv. die sing van Psalms, sy moeite met die wêreldse lewenstyl van die inwoners van Genève, sy ontmoeting met die vurige Farel (wat so 'n bietjie humor meegebring het) en tot selfs sy poging om vrou te soek. Om natuurlik nie te vergeet van die skryf en oorhandiging van sy *Institusie* nie.

Hier in die Wes-Australiese kerke is daar 'n bedrewe gereformeerde politieke aksiegroep. Hulle noem hulself die "Association for Reformed Political Action" (ARPA) en strewe daarna om "gereformeerde" kiesers advies te gee op politieke front, hetsy plaaslik of nasionaal. Dit word deur 'n paar lidmate van ons gemeentes hier in Australië bedryf. Hulle maak onder andere gemeentelede bewus van politieke gebeure en besluite, veral wanneer dit teen die Woord van die Here ingaan. So was daar onlangs 'n petisie, wat deur verskeie gemeentelede onderteken is, aan een van die lede van die nasionale parlement oorhandig wat dit dan ook in 'n toespraak aan die regering oorhandig het. Die petisie was teen planne om sekere menseregte-wette in werking te stel. Die regering moet nog besluit om voort te gaan met die inwerkingstelling van hierdie nuwe wetgewing.

Nederland - *korrespondent : Ds Axel Hagg*

Die afgelope maand het alle gemeentes in die GKv 'n brief gekry waarin aangedui word dat die beloofde finansiële bydrae van die regering aan die Teologiese Universiteit (TU) in Kampen voorlopig, in elk geval vir die komende jaar, nie sal lei tot die verlaging van die kostes van die kerkverband nie. 'n Paar maande gelede het "de Tweede Kamer" besluit om die TU in Kampen te subsidieer. Maar voorlopig word die fondse nog nie beskikbaar gestel nie, aangesien "de Eerste Kamer" nog hul toestemming moet gee. Eers dan sal duidelik word wanneer dit beskikbaar gaan wees, en watter bedrag daarvoor bestem is. Daar-mee wil die deputatevoorsitter, br Henk Post, voor-lopig die verwagtings demp dat, vanweë hierdie subsidie, die kostes vir die kerkverband minder gaan wees. Vir die komende jaar is daar 'n voorlopige bedrag vasgestel van 36,80 euro (R410.35) per siel. Hierdie geld is bedoel vir kostes wat die kerke gesa-mentlik het vir die opleiding van predikante, asook vir die aanwending van byvoorbeeld evangelisasie, gemeente-opbou en diakonale ondersteuning. Kostes vir sending of emeritering is egter nie by hierdie bedrag ingesluit nie. Die helfte van die R410,35 per lid (in totaal 'n bedrag van ongeveer R50 miljoen) gaan na die TU in Kampen. Die rede waarom ek hieroor skryf, is om 'n aanduiding te gee van die geweldige groot bedrae wat in die GKv ter sprake is. En dan nie om onsself met iemand te vergelyk nie, maar wel om te laat sien dat die Here God ook op groot skaal sy kerklike werk in Nederland in stand hou. 'n Rede tot groot dankbaarheid!

Dan nuus uit 'n ander hoek: Die tekort aan predi-kante in die Hersteld Gereformeerde kerk, noodsaak die komende Sinode van die HGK in Drenthe om dit te oorweeg om "geskikte broeders" aan te wys om via 'n kortere opleiding predikant te word. Die kerkverband bestaan uit 1500 lidmate (9 gemeen-tes), maar het slegs een aktiewe predikant en een

emeritus predikant. Daar is op hierdie stadium wel twee besig met hul teologiese opleiding by die Teologiese Universiteit in Apeldoorn, maar dit gaan nog ’n paar jaar duur voordat hulle klaar gestudeer het. Die Sinode sal ook verder aandag gee aan die nuwe “Hersiene Statenvertaling”, asook die moontlike terugdraai van die vrygemaakte sinode-besluite na 1993. Verder sal ook besluit word van watter predikante preke in die eredienste gelees mag word.

En dan ’n opvallende (nie direk kerklike) berig in die ND oor Afrikaans: Nederlandse taalwetenskaplikes is ernstig bekommerd oor die onlangse afskaffing van Afrikaans as vak by die Universiteit van Kaapstad. En dit terwyl daar in Nederland en Vlaandere (België) ’n toenemende belangstelling is vir Afrikaans as taal. Afrikaans, een van die elf *amptelike* tale, staan volgens dr Hans Ester, dosent Zuid-Afrika-studies aan die Radboud Universiteit in Nijmegen, ontereg onder druk. Nederland stel naamlik jaarliks baie geld aan Suid-Afrika beskikbaar vir die instandhouding van onderwys in Nederlands en Nederlandse letterkunde. En dit val onder die vak Afrikaans. Die Nederlandse Taalunie is ook baie betrokke by die wel en wee van die sustertaal Afrikaans en gaan binnekort weer daaroor vergader om druk te plaas op die Suid-Afrikaanse regering om nie die onderrig van Afrikaans as vak op die universiteite te na te kom nie. Die behoud van Afrikaans is volgens Nederland nie net belangrik vir die Afrikaanssprekendes nie, maar vir die land in sy geheel.

Suid-Afrika

Bevestiging van Thabo Matlaela

Op Sondag 17 Oktober is Thabo Matlaela bevestig as herder en leraar vir die gemeente van Soshanguve-Noord. Broeder Matlaela is in Desember 2008 deur Klassis Noord beroepbaar gestel, nadat hy sy teologiese studies aan die Mukhanyo Theological College en verdere afrondingstudies (MTC+), soos voorgeskryf deur die deputate vir teologiese opleiding, suksesvol voltooi het.

Die gemeente van Soshanguve-Noord was vakant vandat ds Piet Magagula vroeër vanjaar die beroep as sendeling vir die gebied Soshanguve F4 aanvaar het.

Die bevestiging is waargeneem deur ds Erik van Alten, en in antwoord op die vrae in die formulier het ds Matlaela heelhartig ja geantwoord. Die diens is gevolg deur ’n program waartydens jonk en oud saam gesing, gebid en seënwense aan hulle nuwe predikant oorgedra het. Die heuglike dag is afgesluit met ’n gemeente-ete.

George Mnisi bevestig as sendeling



George Mnisi is op Sondag 25 Oktober bevestig as sendeling van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria-Maranata. Broeder Mnisi is in November 2008 deur Klassis Noord beroepbaar gestel, nadat hy sy teologiese studies aan die Mukhanyo Theological College en verdere afrondingstudies (MTC+), soos voorgeskryf deur die deputate vir teologiese opleiding, suksesvol voltooi het.

Die bevestiging is waargeneem deur ds Pieter Boon, wat George se studieleier was. Dit was vir beide ds Boon en ds Mnisi 'n besondere dag.
Na die bevestiging is ds Mnisi deur afgevaardigdes van verskeie gemeentes gelukgewens. Lidmate van die sendingsgemeente van Soshanguve-Sentraal, waar George tot op hede 'n lidmaat en medewerker was, het hom met sang en lied sterkte toegewens vir die taak wat voorlê.

Ds Mnisi is deur die kerkraad van Pretoria-Maranata beroep om die sendingspan in Soshanguve te versterk, waar daar tans verskeie gebiede is waarnatoe die sendingwerk uitgebrei kan word. Ds Mnisi gaan egter vir die afsienbare toekoms die kerkraad van Mamelodi bystaan om die sendingkerk in Nellmapius te bearbei.

Kanada - *korrespondent : Dr Arjan de Visser*

Dr Jason van Vliet

Ds Jason van Vliet van die Canadian Reformed Churches het die graad Doctor in die Teologie ontvang na die suksesvolle verdediging van sy proefskrif *Children of God: the Imago Dei in John Calvin and His Context.* Die verdediging en gradeplegtigheid het op 29 Oktober 2009 plaasgevind by die Teologiese Universiteit van die Christelijk Gereformeerde Kerken in Apeldoorn, Nederland. Die promotor was dr Herman Selderhuis.

Die vertrekpunt van die proefskrif is sy belangstelling in wat die Skrif leer oor die natuur en die eienskappe van die mens, asook die mens se verantwoordelikheid onder die gesag van God. Die regte manier om die mens se plek te oordink is, volgens Calvyn, om te begin by die begin: die mens is geskape as die *imago Dei*, beeld van God (Gen 1:26-27). Maar in hoeverre het Calvyn daarin geslaag om die *imago Dei* genoegsaam te beskryf? Dit is die vraag wat ds Van Vliet in sy proefskrif beantwoord. Hy doen dit onder andere deur die historiese konteks van Calvyn se tyd te beskryf en deur te ondersoek wat Calvyn oor die *imago Dei* gesê het in die Institusie en in sy ander geskrifte. 'n Belangrike aspek van Calvyn se benadering is dat hy aandag vra vir die Vader-kind-verhouding tussen God en mens.

Die proefskrif is by Van den Hoeck & Ruprecht uitgegee as deel van die 'Reformed Historical Theology'-reeks. http://www.v-r.de/en/items/ 1001004914/
Dr Van Vliet is lektor in die Dogmatiek by die Teologiese Skool van die Kanadese Gereformeerde Kerke in Hamilton, Kanada.

VERSMOOR

Leer & Lewe

Bemoedig ons mekaar nog om die goeie te doen? Kan ons mekaar bemoedig ook al sien ons baie gebreke in dit wat die ander doen?

'n Hele tyd gelede het ek tot die ontdekking gekom dat een van die lidmate intensief betrokke is by barmhartigheidswerk. Ek was eintlik baie verras om dit te hoor.

Dit was iets wat totaal onbekend was in ons gemeente. En dit was vir my hartseer. Nie oor die feit dat so iemand bekend moet word vir sy goeie dade nie, maar omdat hierdie persoon baie moeilike werk moes doen sonder enige bemoediging en ondersteuning van sy medebroeders en -susters.

Die hartseerste moes egter nog kom: hierdie persoon het daarvoor *gekies* om dit nie in pastorale besoeke bekend te maak nie. Hy het net nie kans gesien vir gesprekke wat die hele tyd draai om die dinge wat hy verkeerd sou doen nie.

Eensydige fokus

Is sommige mense net eenvoudig te fyngevoelig vir kritiek? Dit kan moontlik so wees. Wil sekere mense nie werklik deurpraat oor hoe ons die Here die beste kan gehoorsaam nie? Ek is seker daar is sulke mense ook. Tog dink ek dit is beter om hierin by myself te begin: hoekom kon die persoon dit nooit self teenoor my na vore bring nie? Is dit die beeld wat ek skep, as die groot skeidsregter wat orals die foute moet uitwys?

Ek kry tog die idee dat dit goed is om ook 'n bietjie breër na hierdie probleem te kyk. Dit is myns insiens tipies van die dinge wat nogal gereeld in ons kerklike lewe na vore kom, sonder dat ons dit werklik raaksien as 'n probleem. Daar is by ons 'n sterk tradisie om "die volmaakte wil van God" te soek. En hieroor mag ons bly wees! Ons mag nooit prysgee om te vra hoe ons God die meeste in ons lewe kan eer nie.
Tog is ek bang dat hierdie soeke na die volmaakte wil van God by ons 'n eie lewe begin lei het. Ons het dikwels 'n eensydige fokus op dinge begin kry. Die een groot vraag wat ons dan soek om te beantwoord, is: *Wat is hierin nie volgens die wil van God nie?*
'n Mens sien dit by jouself, byvoorbeeld wanneer daar 'n gesprek is, maar jy bly vashaak by die verkeerde dinge wat jy opgetel het. Jy kan nie werklik verder luister nie, want die verkeerde "irriteer". Of, verkeerde dinge gee dadelik die kleur aan van alles wat gesê word. Dit word die bepalende noemer waaronder alles geplaas word. So word geestelike volwassenheid dan ook gesien in terme van die hoeveelheid kommentaar wat 'n mens op alles kan lewer.

Skeidsregter
Is dit so dat die grootste deel van ons kerklike lewe uit *skeidsregters* bestaan? Mense wat op die kantlyn staan en alles beoordeel wat so voor hulle "afspeel"? Mense wat selfs deel is van allerlei organisasies of kommissies, en tog in werklikheid op die kantlyn staan as skeidsregter?

Miskien moet ons dit 'n bietjie meer prakties maak. Hoeveel gesprekke oor die prediking (of iets dergeliks) begin en gaan grotendeels oor die dele waarmee ons nie heeltemaal saamstem nie? Hoeveel werk in die kerk word volledig bespreek vanuit die gebreke en sondes wat daarin is? Hoeveel besorgde gesprekke oor ander lidmate sentreer heeltemaal rondom hulle swakhede en ongeregtighede? Met ander woorde: volledig 'n fokus op dit wat (volgens ons) nie volgens God se wil is nie?

Maar so sal ons mekaar versmoor! In so 'n klimaat kan niemand meer asemhaal nie. Want al wat gebied word, is stikstof. Die een gebrek na die ander word na vore gebring. Swakheid op swakheid. Sonde op sonde word oopgevlek. Hierdie dinge so op hulself genome: stik-stof. Ons sien dit dikwels in die kerklike lewe: golf op golf. Meer en meer. Totdat alle lewe weg is. Totdat alle blydskap en opgewondenheid en ywer in diens van die Here in die kiem gesmoor is. En wat bly oor?

Die geboorte van nog 'n skeidsregter?

En dit alles kan werklik gebeur met die beste bedoelings en die grootste ywer vir die saak van die Here.

Erken God se werk
Soek ons dus net meer "positiewe" mense in die kerk, en minder "negatiewe" kommentaar? Moet ons nou almal deel word van die "oplossing", en nie van die "probleem" nie? Ag, dit is sommer net wêreldse praatjies!
Natuurlik het die soeke na die volmaakte wil van God 'n belangrike plek in die kerk. En selfs ook daardie deel waar ons mekaar moet aanspreek op die dinge waarin ons nie volgens God se wil lewe nie. Maar dit mag nooit wees hoe ons met mekaar *begin* nie. Ook nie waar ons mekaar uiteindelik *laat staan* nie. Want my lewe word nie meer *in die eerste plek* bepaal deur wie ek in Adam is nie, maar deur wie ek in Christus is. En dit beteken dat ons altyd begin deur te kyk Wie Hy *vir* ons en *in* ons is.

Kom ons stel dit 'n bietjie anders. Die Kategismus sê dat die allerheiligste nog maar 'n geringe begin gemaak het in die weg van heiligmaking (Sondag 44 HK). (As die allerheiligste daar staan, waar staan ek dan?) Moet ons dan daaroor verbaas wees dat ons vir elke daad wat iemand doen, letterlik honderde dinge sou kon vind wat nie volgens God se wil is nie? Nee, in werklikheid is dit na die sondeval die "normaalste" ding in die wêreld! Ons sou miljoene dinge kon vind wat ons aan ons broeder kon uitwys...!

Maar as God nou, uit louter genade, sy goeie werk in mense begin wat so geestelik dood was dat hulle niks goeds kon doen nie, sal ons daaroor verbaas wees? Dit is tog die verrassende? Nie dat ons nog derduisende gebreke by mekaar vind nie, maar dat ons die goeie by mekaar sien. Dit is die verrassende wat ons by mekaar mag soek en waarmee ons altyd begin. "*God is met jou besig!*" "*Ek prys God wat hierdie bereid-willigheid in jou gewerk het.*" "*Ek sien die opoffering wat die geofferde Lam in jou werk.*"

Dit is tog die verrassende? Nie dat ons nog derduisende gebreke by mekaar vind nie, maar dat ons die goeie by mekaar sien.

Wanneer ons as gelowiges in die kerk na mekaar kyk, begin ons altyd om God te erken vir sy lewendmakende werk. Ons prys Hom - Hy wat Self soveel vreugde vind in daardie "geringe begin" van die heiligmaking! Ons eer Hom deur sy werk by mekaar te soek – en saam met Hom en my broeder daaroor bly te wees. Hoeveel ruimte en hoop kom daar dan skielik in die kerk! Hoeveel bemoediging sal daar vir ons wees as ons op God se werk begin let! Hoeveel nuwe opgewondenheid en ywer en blydskap sal ons sien! Omdat ons saam begin by die God van Wie ook alle toekomstige bekering en goeie werke volledig afhanklik is. Ons vertrou Hom wat die goeie werk in ons begin het. Daarop kom ons elke keer weer terug, ook as ons gaan verder praat oor ons heiliging volgens die volmaakte wil van God. Ons moedig aan, ja, vermaan selfs dringend, maar dan vanuit die pad wat God reeds gebaan het. Vanuit Wie Hy in Christus beloof om vir my te wees.

Nie die ou Adam wat my lewe sal beheers nie, maar in Christus sal ek oorwin. Dit wat Hy my gemaak het, en in my begin het!

Kan ons so met mekaar praat, vanuit die werk van God wat ons by mekaar vind? Kan ons dit by mekaar raaksien? Wat 'n enorme geestelike oefening sal dit vir ons wees! Verseker 'n baie moeiliker weg as om skeidsregter te wees. Want dit is alleen deur die Gees van God dat ook hierdie werke van God aan ons geopenbaar sal word (1Kor 2:10-16). Gees-telike oefening.

'n Moeiliker weg, ook omdat dit 'n baie intensiewer omgang met mekaar in die kerk vereis.
Dit sal selfs ons hele sig op die gemeente verander. Want wie kan nou nog maklik verbystap aan hulle van wie ons sien dat God met hulle besig is? Is u hart nog oop om hierin deur God verras te word?

Of dink aan dit wat alles buite ons kerke gebeur: Sou dit ons nie weer nuut moet laat dink oor hoe ons oor ander praat as ons God se intensiewe werk ook daar raaksien nie? Sonder dat ons dadelik alles moet kan verstaan of in kategorieë plaas, kan hierdie werk u bly maak?

Kom ons gaan terug na die beginvraag: Is daar by my die regte uitkyk op my broeders en susters sodat hulle sonder vrees vir versmoring by my kan aanklop om openlik te praat oor hulle lewe en werk voor die Here? Ek dink nie dat ek hierin al genoeg geoefen is nie. Maar ek vertrou Hom wat sy begin met my gemaak het. En dit gee my baie hoop vir die toekoms, juis ook vir ons as kerke.

Ds J van der Linden *is emeritus predikant van die Vrye Gereformeerde Kerk Johannesburg.*

ICRC 2009 Nieu-Seeland

Leer & Lewe

Verteenwoordigers van 'n groot aantal Gereformeerde en Presbiteriaanse kerkverbande van oor die hele wêreld het vanaf 15–23 Oktober in Christchurch, Nieu-Seeland, bymekaargekom vir die 7de vergadering van die Internasionale Konferensie van Gereformeerde Kerke (International Conference of Reformed Churches), in kort die ICRC.
Die VGKSA is een van die lidkerke van die organisasie, en op grond van 'n besluit van die VGKSA-sinode van 2008 het die deputate BBK ondergetekende as afgevaardigde na die vergadering gestuur (Art. 19, Handelinge van die Sinode van die VGKSA, Kaapstad 2008, bl. 20). Die Reformed Church of New Zealand het as gasheerkerk opgetree.

Agtergrond
Artikels oor die ICRC het reeds vroeër in *Kompas* verskyn, maar omdat die gemiddelde VGKSA-lidmaat se gewone kerklike lewe nie direk daardeur geraak word nie, is dit waarskynlik tog goed om 'n bietjie agtergrond-inligting te gee.

Die stigtingsvergadering is in 1985 gehou en afgevaardigdes van die VGKSA en van al ons oorsese susterkerke was by die vergadering aanwesig. Die VGKSA het besluit om op daardie stadium nog nie as lidkerk aan te sluit nie, vanweë onduidelikhede oor sekere sake. Eers tydens die volgende vergadering in 1989 het ons kerkverband 'n lidkerk geword, nadat die onduidelikhede voldoende uitgesorteer was (Art. 17, Handelinge van die Sinode van die VGKSA, Pretoria 1986).
Twee van ons drie oorsese susterkerke was teen dié tyd reeds lidkerke. Ons Australiese susterkerke, die Free Reformed Churches of Australia (FRCA) het hulself ongelukkig losgemaak.

ICRC-vergadering in Christchurch

Op daardie stadium was daar in die Australiese kerke teenstrydige gevoelens oor die konsekwensies van 'n ICRC-lidmaatskap vir hulle eie kerkverband. Ter wille van die behoud van eenheid in die kerke het die FRCA besluit om nie lid te word nie.
By amper elke volgende vergadering was daar aansoeke tot lidmaatskap en die organisasie het steeds verder gegroei, totdat daar by die aanvang van die byeenkoms in Christchurch 'n totaal van 25 lidkerke was. Slegs een daarvan was nie verteenwoordig nie.

Doel van die ICRC
In artikel III van die Konstitusie van die ICRC word die doel as volg gespesifiseer:
1. om die eenheid van geloof, wat die lidkerke in Christus het, te bevorder en tot uitdrukking te bring;
2. om die aangaan van volle susterkerkverhoudings tussen lidkerke aan te moedig;
3. om samewerking in die vervulling van sendings- en ander mandate tussen lidkerke aan te moedig;
4. om algemene probleme en geskilpunte waarmee die lidkerke gekonfronteer word, te bestudeer en om aanbevelings vir die hantering van sulke sake te probeer voorstel;
5. om 'n Gereformeerde getuienis in die wêreld te laat hoor.

Doel van die ICRC: om die eenheid van geloof, wat die lidkerke in Christus het, te bevorder en tot uitdrukking te bring.

Basis en toelatingskriteria vir ICRC-lidmaatskap
In artikel II – Basis van die Konstitusie, word gestel: "Die basis van die Konferensie sal wees die Heilige Skrifte van die Ou en die Nuwe Testament soos bely in die Drie Formuliere van Eenheid (die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls) en die Westminster-standaarde (die Westminster Geloofsbelydenis, die Groter en Kleiner Kategismus).

In artikel IV van dieselfde Konstitusie word die volgende kriteria as toelatingsvereistes genoem:
1. Dié kerke sal as lidkerke toegelaat word wat:
   a) trou vashou aan die Gereformeerde geloof, soos beskryf in die belydenisgeskrifte wat in die Basis genoem word en waarvan die belydenisstandaarde ooreenstem met die genoemde Gereformeerde geloof;
   b) deur tenminste twee lidkerke aanbeveel word;
   c) die volgende inligting verskaf het:
      i. hulle belydenisstandaarde,
      ii. hulle verklarende handelinge (indien van toepassing),
      iii. hulle toelatingsbeleid,
      iv. hulle vorm van kerkregering;
   d) nie lidkerke is van die Wêreldraad van Kerke nie of enige ander organisasie waarvan die doel en praktyke geag word om strydig te wees met die Basis;
   e) deur tenminste 'n twee-derde meerderheid-stem van die afgevaardigdes van die lidkerke aanvaar word, waarby elke lidkerk een stem het.
2. Beëindiging van lidmaatskap sal plaasvind met 'n twee-derde meerderheid van die afgevaardigdes van die lidkerke in gevalle waar die Konferensie van oordeel is dat die lidkerk in leer en praktyke nie langer in ooreenstemming met die Basis is nie.

(vertaling KR)

Tema en Agenda van ICRC 2009
Die hooftema van hierdie vergadering was: "The Vitality of the Reformed Faith" (Die Vitaliteit van die Gereformeerde Geloof) en die volgende sake het die agenda oorheers:
- Aansoek vir lidmaatskap van kerke.
- Bekendstellings van kerke wat waarnemers gestuur het.
- Voorstel insake hersiening van Konstitusie.
- Verslag van Sendingkommissie.
- Vier lesings binne die raamwerk van die hooftema:
  - Konfrontasie met die Uitdaging van die Charismatiese Beweging;
  - Konfrontasie met die Uitdaging van Individualisme in Kerklewe;
  - Konfrontasie met die Uitdaging van die Islam;
  - Konfrontasie met die Uitdaging van die Asiatiese konteks.

Die konferensie is voorafgegaan deur 'n bidstond op Donderdagaand in die Reformed Church van Bishopdale, Christchurch.
Op Vrydag 16 Oktober het die vergadering met sy werksaamhede begin.
Agt kerke het aansoek om lidmaatskap gedoen. Vir elke geval is 'n Adviserende Komitee benoem wat op grond van beskikbare inligting 'n aanbeveling gemaak het. Vyf van die kerke is toegelaat. Die ander drie is afgewys op grond van onvoldoende dokumentasie of ander inligting.
By die afsluiting van die vergadering op Donderdag 22 Oktober het die aantal lidkerke van die ICRC dus op 30 te staan gekom.

Drie nie-lidkerke het waarnemers na die vergadering gestuur en het 'n geleentheid gekry om hulle kerke bekend te stel. Dit was die Christian Reformed Church in Australia, die Reformed Church in Japan en die Grace Presbyterian Church of New Zealand.
'n Voorstel tot hersiening van die Konstitusie is deur ons Kanadese susterkerke ingedien en deur die vergadering aanvaar. 'n Kommissie is benoem om voorstelle in te dien vir die volgende vergadering wat DV in September 2013 in Cardiff, Wallis, gehou sal word. Die Evangelical Presbyterian Church in England and Wales sal dan as gasheerkerk optree.

Doel van die ICRC: om 'n Gereformeerde getuienis in die wêreld te laat hoor.

Na aanleiding van die Verslag van die Sendingkommissie is besluit dat sendingsverteenwoordigers van die ICRC koppe bymekaar moet sit om inligting oor hulle sendingsaktiwiteite uit te ruil en om maniere vir samewerking te ondersoek. 'n Opsomming van beskikbare fasiliteite, deskundigheid, ens. tussen al die ICRC-lidkerke moet ook deur die groep opgestel word.
Uit die verslag het ook geblyk dat tussentydse regionale ICRC-sendingskonferensies meer gereeld plaasgevind het.
Die vier lesings is almal in die aande gehou met die doel om ook die RCNZ-kerklidmate die geleentheid te gee om daarna te kom luister.

Opsomming
Die belangrikste items op die agenda was ongetwyfeld die vier lesings. Ongelukkig is in hierdie artikel nie genoeg ruimte om voldoende aandag aan die inhoud daarvan te gee nie, maar ek sal graag later meer daaroor wil skryf.
Dr George Knight III van die Orthodox Presbyterian Church (Verenigde State) het 'n diepgaande studie gemaak van allerlei Bybeltekste wat deur charismatiese kerkgroepe gebruik word om hulle standpunte te ondersteun en in elke geval het hy aangetoon dat die tekste nie sê wat die charismatiese mense daarin lees nie.
Dr Nelson D Kloosterman van die United Reformed Churches of North America en betrokke by die Mid-America Reformed Seminary, het na die diepste redes vir die sug na veranderings in baie kerke gaan soek en gevind dat dit in baie gevalle gevoed is deur neigings tot individualisme wat tot uiting kom in die behoefte om self iets by te dra. Selfs met die beste bedoelings kan dit tog beteken dat die 'self' al hoe meer sentraal word en steeds meer in die plek van God kom as fokuspunt van ons eredienste.

Ds Van Dalen van die Associate Reformed Presbyterian Church (VSA) is betrokke by sending onder Moslems in Iran, Pakistan en Turkye en hy het sy ervarings met ons gedeel. In die lande is dit eintlik lewensgevaarlik om sendingwerk te doen. Dit is dan ook 'n besondere ervaring om te hoor dat Christus ook daar sy kerk vergader.
Dr Mohan Chacko, hoof van die Presbyterian Theological Seminary in Dehra Dun, Indië, het ons ten slotte vertel watter uitdagings op 'n gereformeerde sendeling se pad kan kom in 'n Asiatiese samelewing.

'n Besondere vermelding verdien die toelating van die Free Church of Scotland (Continuing) as lidkerk van die ICRC. Hierdie kerkgemeenskap se aansoek was ook in 2005 op die ICRC Pretoria se agenda. In dié vergadering is dit egter afgewys as gevolg van die onmin tussen dié gemeenskap en die Free Church of Scotland (FCS) waaruit hulle ontstaan het. Die FCS was op dié stadium reeds 'n lidkerk. Beide kerkgroepe is toe ook vanuit die vergadering gewaarsku om nie van on-Christelike metodes, soos wêreldse hofsake, gebruik te maak vir die oplossing van hulle geskille nie.

Die nuwe ICRC Uitvoerende Komitee.
Van links na regs: notule-sekretaris ds Naylor (EPCEW);
korrespondensie-sekretaris ds Van Spronsen (CRC);
voorsitter ds Hoyt (RCNZ),
tweede voorsitter ds Holst (EPCEW)

Tydens die 2009-vergadering het die FCS(c) weer aansoek om lidmaatskap gedoen en dit is, na aanhoor van die advies van die Adviserende kommissie, deur alle aanwesige lidkerke, insluitende die FCS, goedgekeur. Dit was 'n besondere ervaring om te sien hoe beide groepe mekaar tog weer as broeders in die geloof aanvaar het. Hulle geskille is daarmee nog nie uit die pad nie, maar hierdie toenadering mag dalk die begin wees van 'n pad na hereniging.

Verder is as lidkerke toegelaat die Heritage Reformed Congregations in North America, 'n kerkgemeenskap

wat blykbaar deels uit die Gereformeerde Gemeenten in Nederland ontstaan het; die Independent Reformed Church of Korea; die Igrejas Reformandas do Brasil, 'n gereformeerde kerk wat uit ons Kanadese susterkerke se sendingwerk in Brasilië voortgekom het; en die Reformed Presbyterian Church of India. Die bestaan van meer as een ICRC-lidkerk in Indië word verklaar vanuit die groot afstande in die land en die verskillende bevolkingsgroepe en tale wat daar voorkom.

Die ICRC gee vir alle lidkerke meer geleenthede om vir mekaar tot 'n hand en 'n voet te wees.

Die waarde van die VGKSA se ICRC-lidmaatskap kan volgens my as volg opgesom word:

1. Dit gee vir ons as klein kerkverband met beperkte moontlikhede tog die geleentheid om kennis te neem van wat in ander gereformeerde kerke in die wêreld aangaan. Ook om kennis te neem van die maniere waarop hierdie kerke probleemsake hanteer. En in baie gevalle worstel dié kerke met dieselfde probleme as ons. Hulle probleme en maniere om oplossings daarvoor te kry, kan dus vir ons ook help om ons eie probleme duideliker te definieer en meer effektief te hanteer. Die hierbo genoemde lesings is voorbeelde daarvan.
2. Dit gee vir ons 'n meer direkte blootstelling aan 'n magdom van teologiese deskundigheid wat in die gereformeerde kerke van oor die hele wêreld beskikbaar is.
3. Dit dwing ons, en elke lidkerk, om ernstig na te dink oor sake wat 'n meer volledige eenheid tussen ons en ander kerke verhinder. Die Bybel is nie onduidelik oor die opdrag om eenheid tussen gelowiges na te streef nie (Joh 17). Is die sake wat ons skei, werklik beginselsake, of is dit gegrond op argumente wat moontlik die toets van die Heilige Skrifte nie kan deurstaan nie?
4. Dit help ons om te voorkom dat ons as VGKSA nie in 'n groef raak, waarin die onderskeid tussen werklike beginselsake en bysake nie meer goed raakgesien word nie. So iets kan maklik gebeur as daar nie 'n korreksiemeganisme vanuit ander kerke is nie.
5. Dit gee 'n alternatief vir kontakoefening met ander gereformeerde kerke waar ons nie in staat is om self direkte kontakte te onderhou nie.
6. Dit gee die geleentheid om meer effektief ons sendingsopdrag uit te voer.
7. Dit gee 'n beter besef van die onstuitbaarheid van Christus se kerkvergaderende– en kerkbewarende werk.

Saamgevat: die ICRC gee vir alle lidkerke meer geleenthede om vir mekaar tot 'n hand en 'n voet te wees.

Van bogenoemde lesings sal op die ICRC-webwerf www.icrconline.com beskikbaar gestel word. 'n Wagwoord mag egter nodig wees. Diegene wat belangstel, is welkom om my te kontak.

Kees Roose *is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria.*

Ek is BANG!

Onderwys & Opvoeding

Baie van ons is al gekonfronteer met angs. In Suid-Afrika leef ons in 'n gevaarlike omgewing. Ons lees gereeld van diefstal, kapings en moorde. Geweld kom al nader aan ons. Wie van ons ken nie iemand wat 'n slagoffer is van misdaad in ons land nie? Nie net die volwassenes word daarmee gekonfronteer nie, maar ook ons kinders word daaraan blootgestel. As ouers is dit ons taak om 'n veilige leefomgewing vir ons kinders te skep. Ons sorg dat daar veiligheidsmaatreëls geneem word, soos bv. mure of hekke om jou erf, of 'n alarm of wat ook al. Ons leer om nie handsakke, tasse en waardevolle artikels (beursies, selfone, sleutels) op 'n motorsitplek te los nie. Ons sal dit liewers in die bagasieruim van die motor bêre. Ons leer ook ons kinders om versigtig te wees.

Dit is ons taak om kinders te leer om versigtig en oplettend te wees

Sommige ouers is baie obsessief oor veiligheid. Hulle sal hul kinders bv. nooit alleen êrens heen laat gaan nie. Dit is nie goed nie, omdat dit te gevaarlik is.

Ons moet ons kinders juis selfstandig maak, ook in 'n gewelddadige omgewing. Laat hulle maar alleen winkels toe gaan. Hulle moet leer om self oplettend en voorkomend te wees. Anders sal ons kinders nooit selfstandig kan optree en kan standhou in hierdie wêreld nie.

Pasop, moenie jou kind bangpraat nie

Ons moet wel nugter bly. Onthou, jy kan jou kind ook bangpraat en dit is glad nie nodig nie. Al voel jy dalk onveilig, probeer om dit vir die kinders weg te steek. As kinders aanvoel dat ons magteloos voel om hulle te beskerm en elke dag daarmee moet saamleef, kan dit aanhoudende stres veroorsaak.
Moenie negatief oor die land en sy geweld praat nie. Ons kan die kinders baie vinnig negatief en bang maak. Kinders het 'n groot fantasie. Dit geld vir oulike goed, maar ook vir afskuwelike tragedies. Hulle kan hul heeltemal inleef in die drama waarvan hulle nou gehoor het. Ouers moet dit raaksien en die kind se gedagtes op iets anders rig.

Wat kan ek doen om my kind nie onnodig bang te maak nie?

Wees altyd eerlik. 'n Mens kan nie sê: ek is by jou, daar kan niks gebeur nie. Want dit is nie waar nie. Ons kan nie altyd die gevaar van ons en ons kinders weghou nie. Maar wys dat jy in Godsvertroue leef. Leer die kinders dat God altyd by ons is. Leer hulle ook dat dit nie beteken dat daar niks ernstigs met ons kan gebeur nie, maar dat dit beteken dat daar niks teen God se wil sal gebeur nie. Tydens ons lewe hier op aarde kan daar dalk aaklige goed gebeur. Daar kan roofoorvalle, sterfgevalle en verkragtings wees. Maar ons ewige lewe sal nooit gevaar loop nie, want God het ons in sy Hand. Die belangrike ding is om jou kind emosioneel te koester en geborge te laat voel.

Wat maak ek as my kind tog bang is?

Mense is verskillend, ook nie al die kinders is eenders nie. Jy kan sorg vir 'n veilige omgewing en tog kan jou kind bang wees. Dit terwyl daar nog nooit iets met jou kind gebeur het nie, maar die angs is wel daar. Wat staan jou as ouer te doen? Ons kan dit natuurlik ignoreer of verkleineer. Maar dit is beslis nie goed nie. Hulle gaan dit dan "opkrop" en jare later kan dit blyk dat daar baie skade is. As ons ons kind se angste ontken of afmaak, kan dit die angste net groter maak. En laat ons eerlik wees, daar is rede vir angs. Amper al die kinders ken wel iemand wie se selfoon gesteel is, weet van iemand wie se motor gekaap is, ken mense wie se familie of vriende vermoor is. Hulle is uitgelewer aan gebeure wat buite hul beheer is. Geweld teenoor kinders (bekend of onbekend) veroorsaak baie trauma by ander kinders wat hiervan hoor. Dit is egter nie altyd ewe maklik om 'n kind trauma te bespaar nie, veral nie in Suid-Afrika waar selfs grootmense dikwels onveilig en bedreig voel nie. Het begrip vir die kind se angs. Praat met kinders oor hulle angste. As jy iets kan verbaliseer, bring dit reeds verligting. Sê jy doen alles om hulle te beskerm. Oortuig hulle dat jy jou bes doen om hulle te beskerm, maar dat bv. die vensters wel sal oopbly. Tref voorsorgmaatreëls en tree slim op. Doen wat binne jou beheer is om misdaad van jou deur weg te hou. Moenie jou kind blootstel aan sensasionele verhale oor geweld nie. Moenie die sensasie van die media onderskat nie. Skep 'n positiewe atmosfeer in die huis, waarin met die realiteit van die lewe in Suid-Afrika rekening gehou word. Dra jou kind se angs aan die Here op in gebed. En as jou kind nie alleen met die fiets durf skool toe te ry nie, neem hom dan maar met die motor. Dit gee die kind die gemoedsrus wat hy nodig het om goed te funksioneer.

Maar my kind het rede om bang te wees!

Sê nou daar gebeur wel iets ernstigs met jou kind. Hy word van sy selfoon beroof, of iemand wat hy ken, is vermoor. As gevolg van hierdie trauma het die kind bang geword. Wat maak ons dan? Hoe hanteer ons dit? Die trauma wat kinders beleef, het verreikende gevolge. Dit veroorsaak bv. dat die kind sukkel om te konsentreer, sleg slaap, aggressief of vreesagtig word.
Die invloed wat geweld op kinders het, het in 'n groot mate te doen met die omgewing waarin die kind grootgemaak is. As jou kind grootword in 'n stabiele, liefdevolle ouerhuis, is die stryd halfpad gewonne. Hy voel veilig in so 'n omgewing en dit bewapen hom om die aanslae van die lewe makliker te hanteer. Sorg daarom vir 'n stabiele huissituasie. Dit hou in 'n goeie huwelik, reëlmaat in die huishouding, liefde wat gewys word, 'n lewe uit vertroue op die Here.
Aanvaar die kind se gevoelens en emosies, moet dit nie verwerp nie. Gee aandag aan kinders se gedrag, taal en emosionele toestand wat skielik verander. Verseker jou kind voortdurend van jou liefde, onder-

steun jou kind, wees soveel moontlik bymekaar om te gesels. Onthou altyd om sover as moontlik die gesin se daaglikse roetine te behou. Dit laat kinders veiliger voel.
Dit is belangrik om jou kind veilig te laat voel, maar terselfdertyd eerlik te wees oor wat gebeur het. Gee eerlike, eenvoudige en kort antwoorde op hul vrae. Maak seker hulle verstaan wat jy met jou antwoord bedoel. Gebruik woorde en sinne wat hulle nie sal verwar of die wêreld na 'n nog meer angswekkende plek sal laat lyk nie. Moenie meer besonderhede verskaf as wat hulle kan hanteer nie. En probeer om nie jou eie vrese in die proses aan hulle op te dwing nie. Luister baie goed na wat hulle sê. Moenie hulle opmerkings oordeel of probeer beheer nie. Gee hulle liewer die geleentheid om hul gevoelens uit te druk soos hulle wil. Hulle sal dalk dieselfde vraag oor en oor wil vra – wees geduldig en luister na hul bekommernisse. Deur oor en oor te vra probeer hulle om te verstaan wat gebeur het.
Moenie die rol van geloof en gebed onderskat nie. Dit is nie so dat, deur 'n gebed uit te spreek, die angs altyd weg is nie. Maar kinders leer wel dat God altyd by hulle is en vir hulle wil sorg. God weet hoe werklik angs vir mense is. Dit is belangrik dat ons daarop bedag is om Hom hierin, ondanks die situasies en omstandighede wat ons in ons daagliks lewe teëkom, te kan vertrou (*God is vir ons 'n toevlug en sterkte; as hulp in benoudhede is Hy in hoë mate beproef.* – Ps 46:2; *Geloofd sy die Here! Dag ná dag dra Hy ons; God is ons heil!* – Ps 68:20). En onthou, as die angs nie wil wyk nie, is berading altyd 'n goeie plan.

Niemand kies om vrywillig in 'n gewelddadige omgewing te leef nie. Maar tog het dit ook 'n positiewe kant. In ons land leef ons baie nader aan die Here, omdat ons baie meer gekonfronteer word met ons eie onmag. Ons leer dat ons hulp by die Here lê. Dit gee ons geloofsgroei, waarvoor ons God mag dank.

Heleen Snijder *is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria en ma van 6 kinders.*

Van KORES tot CHRISTUS (2)

Venster op die Bybel

Die eerste artikel (verwys *Kompas* van Oktober 2009) het afgesluit met 'n beskrywing van die Medo-Persiese ryk en die herstel van die Jode in hul eie land volgens die beloftes van God soos reeds eeue tevore deur die profeet Jesaja belowe is (Jes 41-48 *en passim*). In die meeste sekulêre bronne waarin die antieke geskiedenis beskryf word, word meestal na hierdie ryk as die *Persiese Ryk* verwys. Uit die boek Daniël kan 'n mens aflei dat hierdie ryk soms deur Mediese konings, dan weer deur Persiese konings (die meerderheid), regeer is, of moontlik in ko-regentskap (Dan 6:29, verwys ook Dan 6:9, 13 en Dan 8:20).

Daniël 2 : Koninkryke van goud, silwer, koper en yster
Sommige uitleggers is van mening dat die koninkryke van die Meders en die Perse chronologies (in tydsverloop) van mekaar geskei behoort te word, en onderskeidelik die bors van silwer en die middellyf van koper aandui. Die vierde koninkryk (die bene van yster) stel dan die Griekse ryk voor, en die voete van die beeld (yster en klei gemeng) stel die Romeinse ryk voor. Hierdie uitleg het die één voordeel dat dit die koms van God se koninkryk chronologies presies laat saamval met die Romeinse ryk (die klip tref die voete van die beeld). Nogtans verdien hierdie uitleg m.i. nie die voorkeur nie, en die meerderheid Gereformeerde eksegete, waaronder Calvyn, volg ook nie hierdie indeling nie. Dit is waar: die klip tref die beeld op sy voete. Maar dan word tegelykertyd (Dan 2:35) die hele beeld vernietig, terwyl die koninkryke van goud, silwer en koper dan immers lankal reeds tot die verlede behoort. Dan kan die "uitloper" van die yster-ryk (die voete van yster en klei) seker gedeeltelik of grotendeels tot die toekoms behoort. Die sentrale betekenis van Nebukadneser se droom is sekerlik daarin geleë dat alle aardse koninkryke tot 'n einde sal kom, en dat slegs die heerlikheid van die koninkryk van God ten slotte die aarde sal vul. En daardie Koninkryk vervang nie slegs die eerste vier groot koninkryke nie, maar ook die "demokratiese mengsel" van yster en klei waarop die Romeinse ryk en die (Westerse) wêreldgeskiedenis sedertdien

gebou is. 'n Aandagtige deurlees van Daniël 7 behoort ook tot die (tradisionele Gereformeerde) gevolgtrekking te lei dat die silwer die gesamentlike koninkryk van die Meders en die Perse aandui. Dit is juis Roomse uitleggers wat die voorkeur gee aan die gedagte dat die vierde dier (Dan 7) eintlik die Griekse ryk is. Die klein horinkie van Daniel 7:8 sou dan slaan op Antioches Epiphanes (170 vC). Daarmee word die aandag weggelei van die moontlikheid dat die klein horinkie uit (of na) die Romeinse ryk voortkom (Dan 7:20, 21, 25). Sommige Protestantse uitleggers betrek die klein horinkie selfs op die Antichris of die pous!
Nog een aspek verdien die aandag: die Jode verdraai die uitleg van Daniël 2 en 7 op afskuwelike wyse, omdat hulle maar te duidelik insien dat die historiese aanwysings in hierdie Skrifgedeeltes baie duidelik op Jesus van Nasaret as beloofde Messias wys.

Die Perse, in pogings om hul heerskappy in die Weste te vestig, het vir bykans 200 jaar stryd gevoer teen die Grieke en die Macedoniërs (die gebied ten Noorde van Griekeland in die Balkan-skiereiland). In 334 vC het Alexander "die Grote" op 20-jarige leeftyd die leisels van Macedonië by sy vermoorde vader, koning Philip II, oorgeneem. Alexander het sy opvoeding van die Griekse wysgeer, Aristoteles, ontvang. Daarmee saam het hy sy groot waardering vir die kultuur van *Hellas* (Griekeland) ontvang. Na die moord op sy vader het Alexander, nadat hy die Griekse stad-state (met Athene as vernaamste stad) onder sy heerskappy verenig het, begin met 'n *blitzkrieg* na Klein-Asië, vandaar deur Palestina na Egipte, toe weer Noordwaarts en vandaar verder na die Ooste. Hierdie veroweringstog het nie sy weerga in die wêreldgeskiedenis nie. Binne die bestek van 10 jaar het hy die hele Persiese Ryk met al sy provinsies (insluitende Egipte en Palestina) verower en staan hy met sy troepe teen die Indus-rivier, die wesgrens van die destydse Indië. Daar het hy, volgens 'n legende, staan en huil omdat daar niks meer oor was om te verower nie! Sy dapper troepe het sy smart nie gedeel nie – hulle was moeg vir oorlog en die gepaardgaande ontberings, en het teen hom in opstand gekom. Op sy terugtog het hy sy troepe aangemoedig om met die verowerde bevolkings te ondertrou en sodoende die Griekse kultuur en "beskawing" onder die Persiese "barbare" te vestig. Hy self is met 'n Babiloniese prinses, Roxane, getroud. Voor die geboorte van hul eersteling is hy egter in 323 vC in Babel aan koors oorlede. Sy generaals het sy ryk, na sewe jaar van onderlinge stryery, onder vier van hulle verdeel. (Een van die vier het daarvoor gesorg dat Roxane en haar seuntjie van die "beskaafde" toneel verdwyn). Die Bybelse weergawe van hierdie geskiedenis kan gelees word in Daniël 8, asook toepaslike gedeeltes in Daniël 7.



Die Ryk van Alexander die Grote

Alexander en die Jode

Die Joodse geskiedskrywer Flavius Josephus meld dat Alexander na die slag van Issus (333 vC), waar hy Darius III beslissend verslaan het, eers Sidon en Tirus aan die Middellandse See ingeneem het. Hy het tydens die beleëring van Tirus reeds 'n versoek tot die hoëpriester Jaddua in Jerusalem gerig om die belastings wat aan die Perse verskuldig was, voortaan aan hom oor te betaal, en om vriendskaplike betrekkinge (onderhorigheid) met die Macedoniërs aan te gaan. Hierdie versoek (of aanbod) is deur Jaddua versmaai. Alexander het toe nie dadelik daartoe oorgegaan om Jerusalem in te neem nie, maar het eers verder Suid getrek en die stad Gasa, die toegangspoort tot Egipte, ingeneem en daarna Egipte self, waar hy deur die Egiptenaars as bevryder (van die Persiese oorheersing) verwelkom is. Hy het die regering van Egipte hoofsaaklik in die hande van Egiptenaars gelaat, maar gesorg dat Macedoniërs die militêre leiding het. Hy het daar tewens die stad Alexandrië gestig, wat later 'n groot Griekse kultuursentrum met 'n baie groot en beroemde biblioteek geword het. Op sy terugtog het hy Jerusalem "aangedoen", maar Jaddua was teen dié tyd wys genoeg om die poorte van Jerusalem oop te gooi en hom in volle en veelkleurige priesterlike ampsgewaad te "verwelkom". Dit het Alexander welgeval, en hy het hom deur Jaddua laat oorhaal om in die tempel aan die God van Israel te offer. Volgens Josephus het Alexander, op versoek van Jaddua, selfs die hele Daniël 8 tydens hierdie tempelbesoek voorgelees!

Twee aspekte van hierdie gebeure verdien die aandag. Ten eerste: daar is nie melding van 'n goewerneur of koning van die Jode wat tydens hierdie gebeure die "politieke" leiding neem nie. Die hoëpriester se statuur het blykbaar sedert Esra en Nehemia se tyd, omtrent honderd jaar tevore, só toegeneem dat hy deur vriend en vyand aanvaar word as die persoon wat godsdienstige sowel as siviele beheer oor die Jode uitoefen. Die positiewe sy hiervan is die besef dat Godsdiens (die diens aan God) vir die Jode (die volk van God) sentraal gestaan het – dit is belangriker as politieke onafhanklikheid onder 'n eie koning. Daarby was die profesieë van Daniël blykbaar só bekend dat die hoëpriester sonder veel moeite daaruit afgelei het dat die tyd van die "Klip" wat die beeld van Nebukadneser op die voete sou tref, nog nie aangebreek het nie.

Die tweede aspek, minder opvallend op hierdie stadium, is dat die uniekheid en heiligheid van die diens aan God ter sprake kom. Tydens die Babiloniese ballingskap het die HERE Sy volk beveel:"... soek die vrede van die stad waarheen ek julle in ballingskap weggevoer het, en bid daarvoor tot die HERE; want in die vrede daarvan sal julle vrede hê" (Jer 29:7). Dit het egter nie beteken dat die spyswette van die HERE veronagsaam mag word nie (Dan 1), ook nie dat 'n mens ter wille van die goeie styl maar kan kniel voor 'n afgodsbeeld (Dan 3) nie, "want die hele wêreld doen dit" en "buitendien is 'n afgod niks nie". Daar is 'n verskil tussen die soek van vrede en die soek van vriendskap. Dit is hierdie verskil wat later daartoe sou lei dat die houding van die Jode teenoor die Grieks-Macedoniese wêreldmag en die invloed wat van die Griekse kultuur en "beskawing" uitgegaan het, gewissel het van "in-vrede-onder-vreemde-juk-leef" tot "in-vriendskap-aanvaar-en-oorneem". Hierdie verskil in benadering het gelei tot 'n skeiding van geeste onder die Jode, en mettertyd op 'n Joodse burger-oorlog.

Die Ptolemeërs en die Seleukiede

Na Alexander se dood is sy ryk, soos hierbo gemeld, tussen vier van sy hoof-generaals verdeel (Dan 7:6). Die stryd tussen hierdie generaals en hulle opvolgers om seggenskap oor verskillende dele van Alexander se ryk kan nie binne die bestek van 'n kort artikel behandel word nie. Maar die gevolge van hierdie magstryd, veral vir Palestina, moet wel kortliks geskets word, omdat die Skrif self ook redelik uitvoerig daarvan melding maak (Dan 11). Die hoof-generaal wat Egipte "ge-erf" het, Ptolemeus, het daarmee saam beheer oorgeneem van Sirië en Palestina (insluitende die Jode). Weens 'n voortgesette stryd tussen drie van die vier hoof-generaals teen die vierde (Antigonus) om die heerskappy oor die hele Asiatiese deel van Alexander se ryk, het daar toe ook stryd ontstaan tussen Ptolemeus en sy adjudant-generaal, Seleucis. Laasgenoemde het seggenskap vir homself opgeëis, veral oor Sirië en Palestina. Die Jode het gevolglik vir meer as 100 jaar 'n twisappel geword tussen die Ptolemeërs en die Seleukiede (onderskeidelik die "koning van die Suide" en "koning van die Noorde", kyk Daniël 11). Die Jode (met die hoëpriester as leier) moes bontstaan om 'n politieke spel te speel waaraan hulle enersyds nie gewoond was nie, en waarvolgens hulle andersyds ook nie altyd volgens die riglyne van die wet opgetree het nie. Die Jode het nie besef watter gevaar daar in die geleidelike verhellenisering (vergrieksing) van die wêreld skuil nie, en het byna onbewustelik vergrieks. As die Wet van die Here iets nie eksplisiet verbied nie, kan 'n mens mos maar daarvoor "oopstaan", of so het baie waarskynlik geredeneer. Die Ptolemeërs was in die breë redelik tegemoetkomend m.b.t. die Joodse geloof en lewenswyse. Die Selukiede het 'n groter mate van hellenisering van die Jode geëis.

Tydens een van die veldtogte (toe Ptolemeus en Seleucis nog saam teen Antigonus oorlog gevoer het)

is duisende Jode weggevoer na Egipte, waar hulle in Alexandrië tereggekom het. Daar was vir eeue al Jode in Egipte. 'n Klomp Jode het, teen die bevel van die Here in, tydens die ballingskap na Egipte gevlug (Jer 42 en 43). Maar ná die genoemde veldtog van Ptolemeus het die getal Jode in Alexandrië mettertyd so vermeerder dat hulle vir 'n tyd die grootste bevolkingsaandeel in Alexandrië uitgemaak het.

Hierdie Jode het baie vergrieks, maar het nogtans nie hul godsdiens prysgegee nie. Hulle kinders kon egter nie die Hebreeuse *torah* lees nie. Waarskynlik het daardie Jode, en die Grieke se sug na wysheid en geleerdheid, daartoe bygedra dat die wet van Moses, en later die hele Ou Testament, in Grieks vertaal is.

Die Septuaginta

Die Griekse vertaling van die Ou Testament staan bekend as die Septuaginta (sewentig). Hierdie benaming is afgelei van 'n ou tradisie wat beweer dat een van die opvolgers van Ptolemeus 'n versoek aan die hoëpriester Eleasar in Jerusalem gestuur het om die Joodse Wet in Grieks te help vertaal. Die hoëpriester het toe ses ouderlinge uit elk van die twaalf stamme (dus twee-en-sewentig geleerdes) na Egipte gestuur om met die vertaling behulpsaam te wees. Volgens legende is die 72 geleerdes elk vir 72 dae in 'n eie sel toegesluit, waarna elkeen met 'n identiese vertaling van die Hebreeuse Ou Testament in Grieks te voorskyn gekom het! Hoewel selfs die vroomste Jood van destyds seker lont moes geruik het by die aanhoor van hierdie verhaal, het dit tog daartoe bygedra dat die destydse Septuaginta as ge-inspireerde en gesaghebbende Griekse vertaling van Gods Woord beskou en aanvaar is. Die Nuwe-Testamentiese aanhalings uit die Ou Testament is baie keer uit die Septuaginta geneem. Ons moderne weergawes van die Septuaginta is nie op die oorspronklike gebaseer nie, maar dateer uit kerklike weergawes van die 4e en 5e eeu (o.a. die codex Vaticanus en die codex Sinaiticus).

Vanaf 198 vC neem die geskiedenis van die Jode 'n wending. Een van die opvolgers van Seleucis, Antiochus III, ook bekend as Antiochus die Grote, het 'n beslissende veldslag teen die Ptolemeërs gewen, en daarmee in besit gekom van Sirië en Palestina. Die Seleukiede was, soos reeds gemeld, veel meer as die Ptolemeërs, daarop uit om die Jode te dwing om Hellenisme (die Griekse kultuur en lewenswyse) aan te neem. Tydens die regering van Antiochus IV, ook bekend as Antiochus Epiphanes, het sake tot 'n krisis gekom.

Aanvanklik het sy eise redelik geblyk, veral vir die Grieks-gesinde Jode, maar mettertyd het hy eise aan die Jode gestel wat direk in stryd was met die Wet van die Here. Dit het uiteindelik gelei tot die opstand van die Makkabeërs. In 'n slotartikel in die volgende uitgawe van *Kompas* sal ons DV die geskiedenis van die Jode, vanaf die Makkabeër-opstand tot by die aanvang van die Nuwe-Testamentiese tyd, beskryf.

Marinus de Feijter *is lidmaat van die VGK Pretoria-Maranata.*

DRAERS van PRAGTIGE NUUS (1)

Sending & Evangelisasie

"Daarom sal my mond en hart die lof van die Here verkondig van nou af tot in ewigheid. Amen." Hierdie woorde sal vir die meeste van die lesers bekende woorde wees.[1]

Vir hoeveel mense beteken hierdie woorde werklik nog iets? Of spoel dit net oor die meeste se vermoeide verstand? Dit is miskien 'n bietjie te negatief gestel, maar besef ons wel dat ons nou vrede het met God? Ons het tog, terwyl ons nog vyande was met God, versoening gekry met God deur die dood van sy Seun en kan nog meer verseker wees dat ons deur sy lewe gered word noudat ons met Hom versoen is.[2] Dit is nie verniet dat die groet van die Here aan die einde van eredienste noem dat Hy ons **VREDE** gee nie.

As ons nou weer terugkeer na die openingswoorde van hierdie artikel: hoeveel van ons dink daarby na dat ons hele mond en hart die lof van die Here moet besing, **nou** en tot in ewigheid? Ons mag glo dat ons in die hemel die Here mag loof tot in ewigheid, maar

hierdie dankdiens moet reeds werklikheid word ook in hierdie wêreld. Is dit nie so dat waar die hart van vol is, die mond van oorloop nie? Van oorloop van monde kan gelees word in die troonsaal-visioen van Johannes in Openbaring 5.

As 'n mens by hierdie punt begin, moet ons onsself ernstig afvra hoekom ons dikwels skaam/stil is om die evangelie uit te dra. Is dit nie wat die woord 'evangeliseer' beteken nie – om die blye boodskap uit te dra?

Onwillekeurig kan 'n mens by die noem van die woord 'evangelisasie' dink dat dit beteken om op die straathoeke te staan en die Woord te verkondig. Dit is verseker 'n tegniek wat 'n mens kan gebruik om te evangeliseer, maar dit is nie die enigste manier nie.

Vele Christene weet nie raad daarmee hoe om te evangeliseer nie en weet nie hoe om prakties aan die gang te kom nie. Ons wil mos nie radikaal optree soos die Jehowa-getuies nie, maar tog voel 'n mens aan dat as ons met niemand praat nie, dat dit onbevredigend is en nie regtig evangelisasie is nie. Hoeveel van ons wil, maar kan net nie sover kom om dit te doen nie. Een ding waarvoor ons verseker nie bang hoef te wees nie, is dat ons rede het om bang te wees vir die uitdra van die Naam van die Skepper en Onderhouer van hierdie aarde.

Hieronder en in 'n volgende artikel wil ek graag 'n paar evangelisasie-style prakties belig waarby lesers sal kan aanklank vind en dit sal miskien 'n bietjie rigting kan gee aan die beantwoording van die vraag hoe 'n mens moet begin om te evangeliseer. Met die bespreking van style is dit slegs die bedoeling dat gedagtes aan die gang gesit word en 'n bietjie leiding gegee word oor hoe 'n mens in die praktyk kan evangeliseer.[3] Die bedoeling is nie om elke persoon te kompartementaliseer in 'n styl nie en die meeste mense sal aanklank kan vind by meer as een styl. In die bespreking word waarskuwings gegee en voorstelle gemaak om 'n styl wat bespreek word, in die praktyk reg te kan toepas.

Konfronterende styl

'n Voorbeeld van hierdie tipe styl kan onder andere gevind word in Handelinge 2 waar Petrus die Jode en almal wat in Jerusalem woon, aanspreek omdat hulle deur die hande van goddelose manne Jesus geneem en gekruisig en omgebring het (:23).

'n Teksvers wat van toepassing is op hierdie styl is 2 Timotheüs 4:2: "..verkondig die woord; hou aan tydig en ontydig; weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering...".

Hierdie styl kom natuurlik vir mense wat vol selfvertoue, vrymoedig en reguit is. Almal van ons ken sulke mense wat gesprekke oor die weer ignoreer en daarvan hou om reguit tot die punt te kom. Sulke mense het sterk opinies en oortuigings.

Persone wat hierdie styl volg, moet versigtig wees vir die volgende:

- Maak seker dat jy God bid vir sy ondersteuning en vir wysheid, sodat jy gepas sensitief en taktvol in situasies sal optree.
- Laat toe dat die Heilige Gees jou as gewillige instrument gebruik en dat jy nie toegee aan jou begeerte om sterk uit te kom in elke situasie nie.
- Vermy dat jy mense wat ander evangelisasie-benaderings volg, oordeel of sogenaamde "guilt trips" (gewetenswroegings) gee.

[4]

Voorstelle vir die gebruik en ontwikkeling van hierdie styl:

- Vra vriende vir terugvoer oor die feit of jy die regte balans handhaaf tussen vrymoedigheid en sagmoedigheid ("gentleness"). Hou in gedagte wat Paulus in Efesiërs 4 sê, naamlik om in liefde die waarheid te betrag. Beide waarheid en liefde is noodsaaklik.
- Berei jou voor vir omstandighede waar jy alleen sal wees/moet staan (lees maar oor Petrus in Handelinge 2 en Petrus en Johannes in Handelinge 4 – daar is menige ander voorbeelde in die Bybel ook). Die ongelowige vir wie jy met die waarheid konfronteer, sal soms ongemaklik voel. Selfs nie-konfronterende Christene wat saam met jou is, gaan soms daardie selfde ongemaklikheid voel. Moenie dit as 'n probleem sien nie. Daag mense uit om God se leiding te vertrou en Christus te volg. Indien dit God se wil is, sal God die harte kan verander.

- Beoefen die beginsel van "putting others first" (om ander mense eerste te stel). Dit is van kritiese belang dat jy luister en waardeer/opweeg wat ander mense sê voordat jy aan hulle vertel wat jy dink hulle moet hoor.
- Werk in spanverband met vriende wat ander style het wat beter gepas is m.b.t. die persoonlikheid van die persoon(e) wat jy probeer bereik.

Intellektuele styl

'n Voorbeeld van hierdie tipe styl kan onder andere gevind word in Handelinge 17 waar Paulus in gesprek tree met Epikuréïese en Stoïsynse (en waarskynlik ander) wysgere op die Areópagus en waar hy in gesprek tree met Jode in die plaaslike sinagoges van Thessaloníka.

'n Teksvers wat van toepassing is op hierdie styl is 2 Korintiërs 10:5 : …"terwyl ons planne verbreek en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God, en elke gedagte gevange neem tot die gehoorsaamheid aan Christus…".

Hierdie styl kom natuurlik vir mense wat analities, logies of nuuskierig is, wat hou van debatteer en wat meestal meer belangstel in wat mense dink as hoe hulle voel.

Persone wat hierdie styl volg, moet versigtig wees vir die volgende:
- Oppas om vas te haak op akademiese punte, argumente en bewyse. Dit moet slegs dien om die pad gelyk te maak na die sentrale Evangelisasie-boodskap toe.
- Onthou dat jou houding net so belangrik is as die inligting wat jy oordra. 1 Petrus 3:15 maan ons aan om dit met "sagmoedigheid en vrees" te doen.
- Vermy dat jy begin argumenteer.

Voorstelle vir die gebruik en ontwikkeling van hierdie styl:
- Maak spesiaal tyd om die Bybel te bestudeer en voor te berei. Hierdie styl benodig voorbereiding, meer as die ander style. Begin met die aksie op die basis soos wat dit gestel word in 1 Petrus 3:15 : "Maar heilig die Here God in julle harte en wees altyd bereid om verantwoording te doen aan elkeen wat van julle rekenskap eis omtrent die hoop wat in julle is, met sagmoedigheid en vrees."
- Vermy dat jy al jou voorbereiding in 'n akademiese vakuum doen. Gaan uit en praat met ander mense. Probeer jou argumente en antwoorde uit op regte mense, en maak aanpassings/verbeterings soos nodig.
- Ontwikkel die verhoudingskant van jou persoonlikheid. Praat met mense oor alledaagse gebeure en wat gebeur in hulle en jou eie lewe.
- Werk in spanverband met vriende wat ander style het wat beter gepas is m.b.t. die persoonlikheid van die persoon(e) wat jy probeer bereik.



Getuienisstyl

'n Voorbeeld van hierdie tipe styl kan onder andere gevind word in Johannes 9, spesifiek in verse 30-33, waar die blinde man wat deur Jesus gesond gemaak is, met die Fariseërs in gesprek tree.

'n Teksvers wat van toepassing is, is 1 Johannes 1:3a: "...wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan julle, sodat julle ook gemeenskap met ons kan hê...".

Hierdie styl kom natuurlik vir mense wat boodskappe op 'n duidelike manier kan oordra, wat 'n goeie luisteraar is, wat sensitief is vir die hoogtepunte en laagtepunte wat hulle in hul lewe ervaar/ervaar het, en wat verbande sien tussen hulle eie ervarings en dié van ander mense.

Persone wat hierdie styl volg, moet versigtig wees vir die volgende:
- Maak seker dat jy jou lewenservarings van toepassing maak op die lewe van jou luisteraar. Dit vereis dat jy eers moet luister na wat in jou vriend se lewe aangaan voordat jy jou lewensverhaal op hul situasie van toepassing maak.
- Moenie ophou net nadat jy jou verhaal vertel het nie. Daag hulle uit om dit wat jy daaruit geleer het, te oorweeg en te kyk hoe dit op hulle lewens toegepas kan word.
- Moenie jou verhaal as minderwaardig beskou omdat dit te gewoon lyk nie. Dit is die gewone verhale waarmee gewone mense hulself die beste kan assosieer!

Voorstelle vir die gebruik en ontwikkeling van hierdie styl:

- Oefen sodat jy in die posisie is om jou verhaal te vertel sonder onsekerheid en gepaardgaande onderbrekings.
- Onthou om Christus en die Evangelie-verhaal altyd die middelpunt van jou verhaal te maak. Onthou dat dit 'n verhaal is oor hoe Hy jou lewe verander het.
- Hou jou verhaal relevant deur nuwe en huidige voorbeelde uit jou daaglikse geloofslewe uit te wys.
- Werk in spanverband met vriende wat ander style het wat beter gepas is m.b.t. die persoonlikheid van die persoon(e) wat jy probeer bereik.

Vanuit die beligting van die drie bogenoemde evangelisasie-style kan 'n mens sien dat daar groot verskille is in die maniere waarop ge-evangeliseer kan word.

In 'n volgende artikel hoop ek om drie verdere evangelisasie-style te bespreek en in die breë terug te kyk na die onderwerp self.

Arnoud van den Bout *is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria-Maranata.*

---

[1] Dit is die laaste woorde wat 'n dominee uitspreek net voor die afsluitingsgebed na 'n nagmaalsviering.
[2] Nagmaalsformulier
[3] Die materiaal oor die spesifieke style van evangelisasie is verkry van Maretta Sangster (Opleier en samewerker in die Free Church of Scotland) na aanleiding van 'n toespraak gerig aan lede van die Free Church of Scotland – London City Presbyterian Church
[4] Alle prentjies wat in hierdie artikel gebruik is, is van die internet afgehaal en het nie in die konteks waarin dit gevind is, 'n evangelisasie-aanslag nie.

HOE BETROUBAAR is ons GESKIEDENISBOEKE?

Geskiedenis & Kerkgeskiedenis

In 2002 het daar 'n merkwaardige boek verskyn wat nogal heelwat opskudding verwek het. En nie ten onregte nie. Die skrywer, wat nie 'n historikus is nie, het, na jarelange navorsing tydens seereise, besoeke aan museums en argiewe orals in die wêreld asook 'n omvangryke korrespondensie, 'n boek geskrywe wat 'n topverkoper geword het. Dit is Gavin Menzies se "1421, the year China discovered the world". En hy betoog en bewys dat die titel vir die volle 100% letterlik verstaan moet word: in 1421 het die Chinese die wêreld ontdek!

1421, dit is baie duidelik dekades voordat Diaz Kaappunt bereik en Columbus na Amerika gevaar het. Trouens, die verhaal van Menzies laat ons verstaan dat daar eintlik geen vergelyking getref kan word tussen die reise van Diaz en Columbus – wat so 'n prominente plek in ons geskiedenisboeke het – en die Chinese reise wat nie daarin ter sprake kom nie. Die Portugese en Spanjaarde het 'n klein aantal vaartuie, wat nouliks seewaardig was, gebruik, terwyl die Chinese groot en uitstekend toegeruste vlote uitgestuur het. Die Portugese het slegs die seeweg na Indië gesoek, terwyl die Chinese op 'n voluit wetenskaplike ekspedisie gegaan het om die hele wêreld in kaart te bring.

Het die Chinese of Barthomeus Diaz die Kaap gerond?

Columbus het eintlik maar in die duister rondgetas – of het hy dalk nie? – terwyl die Chinese 'n redelike totaalbeeld van die wëreld gehad het en oor uitstekende navigasiemiddels beskik het.

In'n artikel soos hierdie kan onmoontlik die inhoud van Menzies se boek opgesom word. Die getal stellings wat hy daarin maak en waarvan hy met talle bewyse die waarheid aantoon, is oorweldigend. Die Chinese het in daardie jare letterlik alle oseane bevaar en die kuslyne van die kontinente in kaart gebring. Die kaarte wat geteken is en die verslae wat oor die reise opgestel is, lê getuienis daarvan af.

Dit was dus nie Columbus wat in 1492 Amerika ontdek het nie, maar die Chinese omtrent 70 jaar vroeër. Hoe betroubaar is dus ons geskiedenisboeke? En hoe betroubaar is Menzies?

Om met hom te begin, Menzies is 'n afgetrede hoë Britse see-offisier met 'n skitterende loopbaan. Hy het sy verhaal noukeurig nagevors en kom met talle bewyse ter stawing daarvan. Dit is baie interessant hoe ook eiesoortige bewysvoerings, wat normaalweg nie in historiese werke voorkom nie, gebruik word. Sy navorsing – hy het letterlik al die reise van die ou Chinese vlote self ook onderneem – is indrukwekkend en geweldig interessant. Afgesien van onderdele waarin hy moontlik faal en interpretasies wat dalk omvergewerp kan word, is sy verhaal beslis oortuigend. Tot op hede het ook niemand nog sy bewerings weerlê nie. Dit bly dus lesenswaardige lektuur.



En nou het in 2008 van dieselfde skrywer 'n vervolg die lig gesien: "1434, the year a magnificent Chinese fleet sailed to Italy and ignited the Renaissance." Met hierdie boek rig hy moontlik 'n nog groter uitdaging aan die gevestigde geskiedeniswetenskap as met sy eerste.

'n Chinese vloot bring 'n besoek aan die pous.

Hy beskryf in hierdie boek die reis van 'n Chinese vloot wat in opdrag van die keiser 'n besoek aan Italië en meer spesifiek die pous gebring het. Dit mag dalk alte fantasties klink, maar dit is volkome realisties. Daar was al eeuelank kontakte tussen China (veral die Mongole) en die pous. Die reise van Marco Polo en ander handelaars en ook monnike wat soontoe gereis het, lê getuienis daarvan af.

Die Chinese vloot is vergesel van 'n aantal geleerdes, 'n uitgebreide biblioteek, en talle voorbeelde van Chinese wetenskaplike prestasies. Hierdie ambassadeursvloot moes die westerse wêreld sodanig beïndruk dat hulle in die Chinese hulle meerderes sou erken en aan die Chinese keiser onderdanigheid sou betoon. 'n Voorbeeld van 'n vreedsame imperialisme en magsuitbreiding!
Die reis is origens nie om Afrika gemaak nie, maar via die Rooi See en die toe nog bestaande kanaal wat sedert die oudheid die Rooi See en die Nyl verbind het. Die reis was 'n geweldige sukses. Die Chinese kennis het ingang in die westerse wêreld gevind. Weer eens kom Menzies met 'n magdom inligting wat boeiende leesstof bied.

Vir meer indringende bespreking en uitvoerige gedokumenteerde bewysvoering verwys hy maklik na sy webwerf. Gevolglik lees die boek maklik en hou hy die spanningsvlak hoog.
In sy tweede boek is in 'n mate 'n verdediging teen kritiek merkbaar en hy neem ook veel meer gedetailleerde bewysvoering op. Daardeur lees dit moeiliker, omdat sy betoogtrant uitgerek word.
Hy is ook meer uitgesproke. Hy is soseer deur sy bewysmateriaal oortuig dat hy tot onversigtige uitsprake kom. In die titel beweer hy dat die besoek van die Chinese vloot die Renaissance veroorsaak het. En daarmee maak hy 'n onbewysbare stelling. Hy toon wel aan dat talle wetenskaplike en tegniese ontwikkelings wat ons gewoonlik aan 'n aantal Italiaanse geleerdes toeskryf, in hoë mate deur die Chinese besoek van 1434 beïnvloed is. En natuurlik gee dit 'n verdieping van insig en kennis oor wat in daardie tyd gebeur het. Maar die Renaissance was baie meer as net wetenskaplike ontwikkelings en tegniese uitvindings. Die beeldende kuns en literatuur speel daarin ook 'n groot rol en veral die verandering van wêreldbeeld. Die Renaissance-gees is krities teenoor gevestigde opvattings. Die Renaissance-mens aanvaar uitdagings en soek nuwe oplossings. En sonder daardie openheid van gees sou die besoek van die Chinese glad nie so suksesvol gewees het nie. Wanneer die besoek honderd jaar vroeër sou plaasgevind het, sou die effek dalk totaal anders gewees het. Menzies bring dus nie in rekening dat die Chinese besoek uitstekend aangepas het by dit wat in Italië al aan die gang was. En is dit nie byna altyd die geval dat uitvindings en ontdekkings deur talle voorafgaande en gelyktydige ontwikkelings beïnvloed word nie? En nogtans word die uitvinding of ontdekking op naam van hom of haar geplaas wat uiteindelik al die aspekte verenig en dit produktief gemaak het. Veral die laaste aspek is baie belangrik.

Menzies maak in beide boeke veel werk daarvan om te betoog dat Columbus eintlik nie Amerika ontdek het nie. Hy het so baie inligting vooraf gekry dat hy maar net die reis moes maak. En daarom protesteer hy daarteen dat nog geen enkele geskiedenisboek Columbus as ontdekker onttroon het nie. Maar Menzies vertel in hierdie opsig nie iets nuuts nie. Die bestaande literatuur oor die ontdekkingsreise maak glad geen geheim daarvan dat Columbus inligting van Toscanelli in Florence gekry het nie. Net so goed as wat daar geen geheim gemaak word van die feit dat ver voor Columbus (en ook ver voor die Chinese) die Vikings al via Ysland, Groenland en Newfoundland die vaste land van Noord-Amerika bereik het nie. Ja, Columbus het – min of meer – geweet waarheen hy op pad was en waar om dit te soek. In die inligting wat hy van Toscanelli ontvang het, was daar seker elemente van die vroeëre Chinese ontdekkers aanwesig.

Nie die Chinese of die Vikings nie, maar tog Columbus.

Maar ook al sal nuwe geskiedenisboeke oor die ontdekkingstydperk dalk krediet gee aan wat die Chinese ontdekkers van 1421 gedoen het, tog sal Columbus die ontdekker van Amerika bly en nie die Chinese admiraal Zhou Wen of die Viking Rooi Erik nie.

Die eenvoudige rede daarvoor is dat die reise van laasgenoemde geen blywende resultaat of gevolge gehad het nie. Die reis van Columbus wel. Dit is nie sy verdienste nie, maar dit maak sy reis wel belangwekkend. Belangrik genoeg om tot vandag in die boeke gestaaf te word.

Dan bly nog die vraag wat in die opskrif gevra is: hoe betroubaar is ons geskiedenisboeke? Wanneer 'n mens verwag dat 'n geskiedenisboek alles wat in die verlede gebeur het, noukeurig moet vertel, dan is



geen enkele boek betroubaar nie. Elke skrywer maak 'n keuse op grond van die bedoeling wat hy met sy boek het. Dit is volkome aanvaarbaar. Dit is 'n ander ding wanneer die keuse bepaal word deur 'n voorafgaande opvatting wat dan deur die boek "bewys" moet word. Dit is dikwels die geval wanneer vanuit politieke oortuigings geskrywe word. Dan is die gevaar groot dat inligting wat nie in die verhaal "pas" nie, eenvoudigweg uitgelaat word. Hierdie boeke word daardeur onbetroubaar.
Nuwe navorsing, ook dié van Menzies, kan ou inligting aanvul, vroeëre interpretasies verbeter en gevolglik tot 'n nuwere weergawe van 'n ou verhaal aanleiding gee. Maar ook die nuwe weergawe van die ou verhaal hoef nog nie die einde van die saak te wees nie. Ook daarin kan mettertyd weer verbetering aangebring word. Soos in die verlede gesê is: die geskiedenis is 'n diskussie sonder einde.

En tot hierdie diskussie het Menzies baie beslis 'n uiters merkwaardige en baie leesbare bydrae gelewer. Die Europese ontdekkingsreise vorm spannende leesstof wat deur geen avontuurroman geëwenaar kan word nie. Die werklikheid het altyd iets voor op die verbeelding. Menzies gee ons 'n nuwe spannende verhaal van reise wat tot dusver in ons literatuur onbekend was. Hy verryk daardeur ons kennis, gee aanvullende verklarings vir gebeurtenisse uit die verlede en insig in agtergronde. Dat hy in sommige uitsprake ongenuanseerd is, sal ons hom graag vergewe, want hy het ons 'n tweetal baie interessante boeke gegee. Hierdie boeke kan aan u menige plesierige uur in die komende vakansietyd besorg.

Dr JW Meijer *is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria.*

KAN ALLE VERSKILLE OORBRUG WORD?

– Irma Joubert se nuutste roman *Anderkant Pontenilo*

Die skryfster van die blitsverkoper ***Tussen Stasies*** het nog 'n boek die lig laat sien. Weer 'n boek wat 'n mens eenvoudig nie kan neersit nie.

Twee families, twee kontinente, een oorlog

Die boek gebruik twee gesinne as basis. Die Romanelli- familie in 'n Italiaanse bergdorpie en die Fourie-familie in die Bosveld. In altwee gesinne is kinders van dieselfde ouderdom. Hulle is jonk, talentvol, op universiteit en het blink planne vir die toekoms. Maar dan begin die Tweede Wêreldoorlog… Die oorlog bring verdeeldheid. Ook binne die gesinne. Die oudste seun van die Romanelli's word verlief op die Joodse winkelier se dogter. Dit is onaanvaarbaar vir Lorenzo, die jongste broer, wat baie van Mussolini verwag. Dan is daar nog Antonio wat vir argitek studeer. Hy en Lorenzo word gedwing om by die leër aan te sluit en te gaan veg by El Alamain, Noord-Afrika.

Klara is Afrikaans en Protestants, Antonio Italiaans en Katoliek

In Suid-Afrika bring die oorlog ook verdeeldheid. Die regering besluit om die geallieerde magte te help. Met die Anglo–Boere oorlog nog vars in die geheue, voel baie Afrikaners nie lus om die Engelse in die oorlog te ondersteun nie. In die Fourie-huishouding is pa 'n Hertzogiet wat neutraal wil bly, Oupa 'n Smutsman wat tot die oorlog wil toetree en Boelie, die seun, sluit aan by die Ossewa-Brandwag, wat pro-Duitse simpatië het. Suster Klara, die hoofkarakter in die boek, staan tussen dit alles en wens die oorlog wil net verbygaan.

Op die Fourie-plaas is daar ook armblanke bywoners met hulle kinders Gerbrand en Personi. Gerbrand sluit uit ekonomiese oorwegings by die oorlog aan en vertrek na El Alamein.

Maar die Italianers verloor by El Alamein, en dus word Antonio Romanelli krygsgevange geneem. Hy word na Suid-Afrika gestuur. As aan hom opgedra word om 'n brug oor die Nyl (nie van Egipte nie, maar van Nylstroom) te bou, word hy gehuisves op die bosveldplaas van die Fouries. Hier kruis die paaie van die twee families: die Romanelli's en die Fouries. En hier begin die karakters se uitkyk op die vyand en die oorlog ineens verander. Dit geld veral vir Klara, wat verlief raak op Antonio.

In Suid-Afrika is dit ook die tyd dat die Afrikaner-nasionalisme ontwaak; die Voortrekker-monument word gebou en die Groot Trek word met groot feesvieringe herdenk. Dit alles het ook 'n groot invloed op die Fourie-kinders.

Die hoofstukke speel afwisselend af in Italië en Suid-Afrika, en wy die leser in sowel die Europese as Suid-Afrikaanse belewing van die oorlog in.

Die leser word ingewy in sowel die Suid-Afrikaanse as Europese belewing van die oorlog

'n Juffrou wat 'n storie kan vertel!

Wanneer 'n mens Irma Joubert hoor praat in 'n onderhoud op Radio Sonder Grense, kan 'n mens nie help om te wens dat 'n mens 'n leerling in haar geskiedenisklas kon gewees het nie. Sy praat dan met net soveel oorgawe as wat sy skryf!

Sy was vir 35 jaar 'n Afrikaans- en Geskiedenis-onderwyseres voordat sy in 2004 afgetree het. Sy het altyd al gesê sy gaan skryf as sy aftree en het haar woord gestand gedoen. Eers woon sy twee ATKV-skryfskole by om iets van die skryfproses te leer. Omdat dit moeilik is om as onbekende skryfster 'n ingang in die boekemark te vind, begin sy eers vir 'n boekklub skryf. Sy het by Lapa-uitgewers in die Romanza-reeks ingerol en haar eerste twee moderne liefdesverhale het gevolg: ***Vonkpos vir die hart*** (2005) en ***Beskermengel vir Marlene*** (2006). Daarna het sy met historiese romans begin. ***Verbode Drif*** (2006) is die verhaal oor die onmoontlike liefde tussen 'n boeremeisie en 'n Joodse man net na die Anglo-Boereoorlog. In ***Ver Wink die Suiderkruis*** (2006) word die storie vertel van die skatryk Engelse mynmagnaat se dogter wat verlief is op die armblanke Afrikanerseun. Hierna volg ***Tussen Stasies*** (2007) wat 'n reuse-sukses was en 'n blitsverkoper geword het. Dit gaan oor Gretl, 'n Duitse oorlogswesie, wat aangeneem word deur Suid-Afrikaanse ouers.

Irma Joubert is gebore en getoë op 'n Bosveldplaas naby Nylstroom. Sy het gaan studeer aan die Universiteit van Pretoria en het sedert 1975 in Natal

gewoon. Sy is getroud en het drie seuns en 'n pleegdogter. Tans woon sy in Bloemfontein.

Sy weet waaroor sy praat

Irma Joubert het 'n passie vir die geskiedenis en dit is veral die rede wat haar boeke so interessant maak. Die eerste helfte van die twintigste eeu trek haar in die besonder aan. Dit was woelige jare met oorloë, wêreldwye depressies en eeue-oue gebruike wat te outyds geraak het vir die nuwe mens.

Voordat sy 'n boek skryf, doen sy baie deeglike navorsing. Op die internet, in films, deur middel van foto's, onderhoude, 'n oorsese reis. Hoe meer daarvan, hoe meer word die storie 'n realiteit in haar kop.

Dit is nie in die eerste plek watter datum, hoeveel veldslae of die getal gesneuweldes wat haar interesseer nie. Dit gaan vir haar om die mense en hoe hulle lewens geaffekteer is in hierdie tye. Hoe het hulle gevoel, wat het hulle geëet, wat het hulle aangetrek, wat het hulle in hul vrye tyd gedoen? Dit is die vrae wat haar boei.

Haar 85-jarige ma was jonk in die tyd waarin haar boeke afspeel. Joubert vertel hoe sy, terwyl sy besig is om 'n boek te skryf, gereeld haar ma bel om meer uit te vind oor alledaagse gebeure wat nie noodwendig in geskiedenisboeke opgeteken is nie. Van watter

materiaal was julle rokke gemaak? Hoe het dit gevoel? Vir ***Anderkant Pontenilo*** het sy lang gesprekke met haar oom Charles Holloway gevoer. Hy was 'n kolonel in die Tweede Wêreldoorlog in Egipte. Hy kon op negentigjarige ouderdom nog glashelder onthou wat hulle in Oos-Afrika geëet het, waar in Egipte hulle gekuier het, hoe die lug by El Alamein geruik het, dat Italiaanse waterbottels drie pinte water gehou het en die Suid-Afrikaanse bottels net een pint. Dit is al hierdie inligting wat haar karakters mense van vlees en bloed maak.

Irma Joubert vertel dat haar boeke aanvanklik nog veel meer geskiedenis bevat het. Maar sy het 'n vriendin en oud-kollega wat altyd haar boeke proeflees en sodoende daarvoor sorg om ten minste van 50% van die geskiedenis ontslae te raak. Dit help inderdaad dat haar boeke vlot leesbaar bly en dat 'n mens nêrens die gevoel het dat jy gou 'n paar bladsye wil oorslaan omdat dit tog net droë feite bevat nie.

Brûe

Irma Joubert skryf met empatie, sy gebruik lewendige dialoog, tong-in-die-kies kommentaar en raak beskrywings. Aan die einde van 'n hoofstuk is daar telkens net 'n enkele sin of twee wat jou boei om met die volgende hoofstuk te begin.

Irma Joubert

Dit is veral die feit dat sy dit regkry om die geskiedenis tot lewe te roep en dit boonop so lekker leesbaar te maak, wat haar boeke so suksesvol maak. Die storielyn bly egter soms 'n bietjie stereotiep. Veral as 'n mens 'n paar boeke na mekaar lees val dit op dat die storie baie keer op dieselfde neerkom. Die hoofkarakter is 'n beeldskone jong meisie met 'n onmoontlike liefde. Of dit nou die boeremeisie en die Jood is in ***Verbode Drif***, die ryk Kate en die armblanke Bernard in ***Onder die Suiderkruis***, Gretl protestants en Jakob katoliek in ***Tussen Stasies***. En dieselfde geld vir ***Anderkant Pontenilo***. Klara is Afrikaans en protestants en Antonio Italiaans en katoliek. Maar alle probleme blyk oorkombaar te wees en die boeke eindig byna oordrewe goed.

Dit is hierdie oorbrugging van taal-, volks- en geloofsgrense wat 'n deurlopende tema vorm in ***Anderkant Pontenilo***. Antonio bou 'n brug oor die Nyl. *Ponte* is die Italiaans vir brug en *Nilo* vir Nyl. By hierdie brug het Klara en Antonio die volgende gesprek:

"Dink jy 'n mens kan alle verskille oorbrug?" vra hy …. "Soos… politiek? Godsdiens?"

Sy dink diep voordat sy antwoord: "Nie alles nie… Die meeste seker, ja…. Maar 'n mens se kultuur en veral jou godsdiens is deel van jou wese…. As jy 'n brug wil bou tussen twee godsdienste of kulture, beteken dit die een party moet oor die brug loop na die ander kant."

En as die partye mekaar halfpad ontmoet?

"Dan staan die twee partye in die middel van 'n brug," sê sy. Dit is ten beste 'n tydelike rusplek, Antonio, 'n verposing om die mooi uitsig te bewonder." (b. 353)

Tog lyk dit of op die ou end die grootste struikelblok op die brug die gemeenskap se idees oor die onmoontlikheid van die liefde is. Hoe sal Klara se pa byvoorbeeld ooit 'n Katoliek as skoonseun aanvaar? As dit egter oorkom kan word, lyk die toekoms rooskleurig. In die naam van die liefde lyk alles moontlik. Die verskille word op dié manier geromantiseer in plaas daarvan dat dit regtig deurgepraat word of aan die orde kom. In daardie opsig bly die boek oppervlakkig.

Nieteenstaande word die boek van harte aanbeveel. Dit gee 'n lewendige kykie in die Afrikaner se geskiedenis en is boonop 'n heerlike leeservaring.

Jenny Boon *is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria-Maranata.*

Anderkant Pontenilo (2009)
ISBN 9780624047018
R 175
512 pp
Tafelberg

'The VOYAGE that shook the WORLD'

Resensie

Hierdie jaar was 'n spesiale jaar; 'n jaar vol herdenkings. As Gereformeerdes het ons baie aandag aan Calvyn geskenk. Dit was mos sy 500ste verjaarsdag. Onlangs was daar baie feesvieringe ivm die val van die Berlynse muur twintig jaar gelede. Daar was egter ook iemand anders wat 'n verjaarsdag gevier het: Darwin. Hierdie jaar was naamlik 200 jaar na Charles Darwin se geboorte, asook 150 jaar na die vrystelling van sy beroemde/berugte boek: *On the Origin of Species*.

Darwin was 'n wetenskaplike wat probeer het om die natuur te verstaan en te verklaar sonder om God as Skepper te erken. Interessant genoeg het hy oorspronklik begin met studies om 'n predikant te word. Hy het gereken dat hy dan dalk 'n klein plattelandse gemeente kon kry om daar sy belangstelling in die natuur en wetenskap te kon uitleef. Voordat hy sy studies voltooi het, het hy egter die geleentheid van 'n leeftyd ontvang: 'n reis rondom die wêreld. Dit was 'n geleentheid waarvoor die jong Darwin nie nee kon sê nie. Gevolglik het hy in 1931 op die HMS Beagle geklim en 'n reis van ongeveer 5 jaar gemaak. Hy het die reis goed benut om studies te maak van rotse, plante en diere. Hy het baie notaboeke vol daaroor geskryf en duisende plant-, dier- en natuurvoorwerpe teruggestuur na Engeland. Inmiddels het hy ook Charles Lyell se boek *Principles of Geology* gelees, wat sy geloof in die ewolusie van die wêreld oor miljoene jare bevestig het. Hy het dit wat hy gesien het, daarvolgens geïnterpreteer. Let wel, Lyell se boek het Darwin se gedagtes bevestig en ontwikkel, want hy het reeds grootgeword in 'n humanistiese familie. Een van sy oupas het selfs 'n boek geskryf oor ewolusie, wat Darwin ook gelees en waaruit hy gedagtes gehaal het.

Nadat hy teruggekeer het na Engeland, het Darwin aangehou met die bestudering van die natuur en het hy sy gedagtes rondom ewolusie verder ontwikkel. Ongeveer 25 jaar na sy reis is sy kontroversiële boek *On the Origin of Species* gepubliseer. Vir die res van sy lewe het hy sy teorie verdedig en verdere navorsing gedoen om dit te staaf.

Die film *Darwin: The Voyage that Shook the World* volg Darwin se reis en besoek plekke wat hy ook besoek het. Daar is pragtige beelde van die natuur in daardie plekke. Onderhoude word ook gevoer met vooraanstaande wetenskaplikes wat 'n agtergrond en verklaring van Darwin se lewe en teorie gee. Verder word Darwin se lewe ook uitgebeeld deur middel van drama. In sy geheel is die 52 minute lange film van hoë gehalte en baie goed saamgestel. Bowendien is die film toeganklik vir mense dwarsoor die wêreld, met onderskrifte in 23 tale, Afrikaans inkluis.

Die film is gemaak in opdrag van *Creation Ministries*. Dit is 'n organisasie wat strewe om God as Skepper te verdedig in 'n wêreld waar die ewolusieleer algemeen aanvaar word. *Creation Ministries* is veral daarmee gemoeid om inligting vir kerke en gelowiges te gee. Dit is vir die organisasie baie belangrik, omdat baie kerke die gesag van wetenskaplikes bo die gesag van God en sy Woord stel. *Creation Ministries* bearbei mense wat agv die strewe om die

ewolusieleer met die Bybel te vereenselwig, hul geloof byster geraak het – as die Skeppingsverhaal slegs 'n mite is, kan die kruisdood van Christus mos ook 'n mite wees? Deur middel van wetenskaplike bevindings poog hulle om te wys dat die skepping nie 'n mite is wat verkeerd bewys is nie, maar dat die natuur self getuig van die Skepper.



Darwin: The Voyage that Shook the World gee 'n gebalanseerde blik op Darwin se lewe vanuit 'n historiese en wetenskaplike perspektief. Die onderhoude wat gevoer is, is nie slegs met wetenskaplikes wat die skepping as uitgangspunt aanvaar nie, maar ook met ewolusie-voorstanders. Gelyktydig wys die film egter ook op die implikasies van Darwin se teorie en waar Darwin die feite verkeerd geïnterpreteer het. *Creation Ministries*-skrywers en -sprekers kan somtyds aanvallend oorkom, maar dit is nie die geval in hierdie film nie. Natuurbeelde en wetenskaplike ontdekkings word voorgehou en vergelyk met Darwin se bevindings. Darwin self of ewolusieleer-aanhangers word egter nie aangeval nie. Daar word eerder vrae gevra om gedagtes te prikkel.

So word daar byvoorbeeld gekyk na Darwin se gevolgtrekking oor die ontstaan van die Rio Santa Cruzrivier in Argentinië. Darwin het saamgegaan op 'n ekspedisie om die bron van die rivier te soek. Tydens die reis het Darwin oortuig geraak dat die rivier oor die loop van miljoene jare uitgekerf is. Ongelukkig moes hulle, agv kwynende voedselvoorrade, terugkeer voordat hulle die bron van die rivier kon vind. Die film wys dat, as hulle die bron wel sou gevind het, dit dalk Darwin se siening sou verander het. Die bron is 'n gletser en partymaal breek groot blokke ys af wat groot vloede veroorsaak en die landskap drasties kan uitkerf.

Nadat die film *Darwin: The Voyage that Shook the World* vrygestel is, het daar kontroversie daaroor ontstaan. Die drie geskiedkundiges wat daarin verskyn, het *Creation Ministries* daarvan beskuldig dat hulle mislei is toe onderhoude met hulle gevoer is. Hulle het ook gestel dat hulle woorde uit verband geruk is. *Creation Ministries* het naamlik 'n afsonderlike filmmaatskappy gestig, *Fathom Media*, om die verfilming te behartig. Hulle het erken dat dit gedoen is om beter toegang te kon verkry tot daardie geskiedkundiges, gesien die stryd tussen *Creation Ministries* en die sekulêre wetenskap. 'n Ondersoek ten opsigte van die woorde wat kamstig uit verband geruk is, het bevind het dat dit nie die geval was nie, want die inligting wat die geskiedkundiges noem as "bewyse" teen die film se gevolgtrekkings, het hulle nooit genoem tydens die werklike onderhoude nie. *Creation Ministries* het ook homself verdedig deur te sê dat al die mense waarmee onderhoude gevoer is, ingelig is dat die film ook die "intelligent design," oftewel skeppingsoogpunt, sou benadruk.
Hierdie film en die reaksie daarop wys dat die stryd tussen dié wat God misken en dié wat God as Skepper wil erken, voortduur. Hierdie stryd is nie nuut nie. Paulus het dit ook genoem in sy brief aan die Romeine: "Want sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, sodat hulle geen verontskuldiging het nie; omdat hulle, alhoewel hulle God geken het, Hom nie as God verheerlik of gedank het nie; maar hulle het dwaas geword in hul oorlegginge, en hul onverstandige hart is verduister" (Rom 1:20-21). Paulus voeg daaraan toe dat hulle "die waarheid van God verruil het vir die leuen en die skepsel vereer en gedien het bo die Skepper wat geprys moet word tot in ewigheid. Amen" (Rom 1:25).

Die dvd kan bestel word by:
https://store.creation.com/za/

Bronne:
http://www.thevoyage.tv/
http://creation.com/cmis-year-of-darwin-documentary
http://en.wikipedia.org/wiki/The_Voyage_that_Shook_the_World

Willemien Kleijn *is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria.*

DEMOKRASIE in Afrika

In Pers-pektief

Weens gebrek aan toegang tot Suid-Afrikaanse koerante meld ek hierdie keer maar nuus oor Afrika uit Nederlandse koerante.

In Oktober was daar verkiesings in Mosambiek, een van ons oostelike buurlande. Sodanige verkiesings is van belang, want dit bepaal watter beleid jou bure gaan voer in die komende jare en dit kan ook jou belange beïnvloed. Die wenner van die verkiesing is die Frelimo-party, wat aan bewind was, en die "verloorder" is Renamo, onder leiding van Alfonso Dhlakama.

Vanaf 1975, toe die Portugese Mosambiek verlaat het, tot 1992 was daar 'n burgeroorlog tussen die bevrydingsbewegings Frelimo, wat die suide van die land beheers het, en Renamo, wat die noorde beheers het. In hierdie 17 jare van burgeroorlog het ongeveer een miljoen Mosambiekers hulle lewe geweldadig verloor en baie is deur landmyne blywend gestrem. Maar na 'n verdere 17 jaar vanaf 1992 tot nou toe is die ou verskille blykbaar nog nie versoen nie. Mnr Dhlakama het gemeld dat hy nie die verkiesingsuitslag aanvaar nie vanweë verkiesingsbedrog deur Frelimo en dat hy selfs bereid is om weer die wapens op te neem. As dit sou gebeur, sal alles wat die laaste jare in Mosambiek opgebou is, waarskynlik weer vernietig word.

Hierdie saak het selfs belangrike nuus geword in Europese koerante (o.a. die Nederlands koerant *De Telegraaf* van 31 Oktober 2009). Hierdie belangstelling in Mosambiek mag ook veroorsaak wees deur die parlementêre diskussie in Nederland oor die belegging van kroonprins Willem Alexander in 'n kontroversiële vakansie-oord op die Machangulo-skiereiland (oos van Maputo, net onder Inhaca Eiland).

In Kenia is die regeringseenheid, wat die vorige jaar moeisaam onder buitelandse druk tot stand gekom het en waartydens baie Keniane as gevolg van stamoorloë die lewe gelaat het, ook baie broos. Daar is gerugte oor herbewapening deur sekere stamme, soos die Kikuyu, wat hulle op hierdie manier wil voorberei op die verkiesings van 2012 (*Nederlands Dagblad* van 9 Oktober 2009). In hierdie selfde koerant word *The Zimbabwean* aangehaal, wat meld dat die kiesregister van Zimbabwe meer as 156 000 stemgeregtigdes het wat ouer is as 90 jaar, terwyl die gemiddelde leeftyd van Zimbabwiërs 35 jaar is.

Selfs Ian Smith, wat in 2008 oorlede is, en een van sy ministers wat in 1980 oorlede is, staan nog op die kieslys. Die name van meer as 182 000 mense staan twee of meer kere op die kieslys.

Blykbaar is dit maar bra moeilik om 'n werklike demokrasie in Afrika te vestig. Daar is 'n hele aantal lande in Afrika waar 'n sogenaamde demokratiese regering aan die bewind is, maar wat meer lyk na 'n diktatuur van die president. As jy eenmaal aan die bewind is, sal jy blykbaar alle moeite, ook onwettig, doen om aan die bewind te bly en jou magsbasis te versterk. Daar is waarskynlik twee groot redes: mag en geld. As jy mag het, gee jy dit nie sommer weer uit hande nie. En as jy die mag het, het jy toegang tot die staatsfondse, nie (net) vir die welsyn van die volk nie, maar eerstens vir die welsyn van jouself, jou familie en jou vriende. In baie lande is die staatskuld van 'n land van dieselfde grootte as die persoonlike rykdom van die staatshoof. En dan word die ontwikkelde lande sonder enige skroom gevra om nog meer finansiële hulp te gee, vroeër vanweë die koloniale skuld en meer onlangs vanweë aardverwarming!

Dit is nie moeilik om hierdie gebreke aan te wys nie, ook nie in ons eie land nie. Die vraag is wat hieraan gedoen moet of kan word. In die eerste plek kan ons vasstel dat demokrasie maar **stadig ontwikkel** het vanaf die eerste probeerslae in Griekeland, ongeveer 2 300 jaar terug. Ook in Europa het demokratiese ontwikkelings maar geleidelik plaasgevind gedurende die afgelope 200 jaar, dikwels ná volksrewolusies en -opstande. Ons moet dus geduld hê met die vordering van demokrasie in Afrika.

Die **bevolking** moet egter self ook krities wees oor en vir hulle leiers, nie net by verkiesings nie, maar ook daarna. In Suid-Afrika sien ons dat wanneer verteenwoordigers verkies is, die kiesers self apaties raak. Blykbaar kan dié wat verkies is, maar hulle gang gaan met 'n veronderstelde absolute volmag van die kiesers tot die volgende verkiesing. Met voortdurende kontak tussen kiesers en verkiesdes, soos byvoorbeeld in 'n distrik-kiesstelsel, sal daar 'n mate van beheer bly bestaan oor wat die verkiesde met sy mandaat doen en kan hulle ook deur hulle kiesers tot verantwoording geroep word as hulle verkeerd optree.

Verder is **'n onafhanklike pers** van belang, wat die vinger op die pols hou van die politieke ontwikkelings en wat politieke wandade (soos korrupsie, magsmisbruik en nepotisme) sal probeer uitsnuffel. Koerante moet dus waak teen beheer of befondsing deur die staat (*Kompas*, wees waaksaam!). Ook ander openbare organe en organisasies moet krities toesig hou op die staatsgebeure. Dit kan 'n mens noem "magte en teenwigte" (Engels: "checks and balances"). Daar moet 'n groot mate van deursigtigheid toegepas word op staats- en regerings-optrede.

Dan moet die **regering** natuurlik **self** alles doen om demokraties te bly funksioneer en moet verkiesings deur onafhanklike verkiesingskommissies gereël word. Dit sou goed wees as alle verkiesde persone, onmiddellik na hulle verkiesing, deur 'n opleidingskursus sou gaan, waar demokratiese kernbeginsels by hulle ingeskerp word. Parlementariërs wat hul posisie en voordele misbruik moet, na skuldigbevinding, uit hulle pos verwyder word (wat ongelukkig nie gebeur het met 'n aantal ANC-reisskandaal-parlementariërs nie).

Buitelandse druk en kontrole op Afrika-regerings is ook belangrik. Dit is 'n bespotting as 'n VN-gesant uit 'n land gesit word, soos Manfred Nowak, spesiale VN-verslaggewer vir marteling, wat op 29 Oktober uit Zimbabwe gesit is.

Solank die **gesindheid** van regeringsamptenare egter verkeerd is en hulle nie hul amp sien en uitoefen as diensbaarheid aan die volk as geheel nie, bly daar 'n groot swakte bestaan. So 'n swakte sal lei tot voortdurende pogings om diensbaarheid te vervang met self-bevoordeling. Elke **amp**, nie net 'n kerk-amp nie maar ook dié van staats-amp-tenaar, moet gesien word in sy oorspronklike betekenis: geroep deur God vir 'n bepaalde taak **vir ander**, nie vir jouself nie.

Die laaste en belangrikste aspek wat genoem moet word, is die voortdurende **voorbede** vir die owerheid en alle maghebbers en gesagsdraers. Dit moet ons doen sodat God eer kan ontvang vanweë reg en orde in die land en sodat die land rus kan hê om die evangelie uit te dra (1 Tim 2:1-4). Slegs deur God se wil en deur die verbreiding van die evangelie kan ook Afrika-lande transformeer tot demokratiese lande waar die kerk kan opbloei en waar staatsamptenare, insluitende staatspresidente, hulle amp sal sien as diens.

***Hans Moes** is 'n lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Kaapstad.*

ADVERTENSIES

Klein Stee

selfsorg-gastehuis
Vir verdere inligting en bespreking sien
www.wheretostay.co.za/kleinstee/
of kontak ons:
kleinstee@telkomsa.net
telnr 021 919-4755
Kees en Joke Begemann

GORDONSBAAI - HOOGGENOEG
3 slaapkamer vakansiehuis vir 4-5 persone met uitsig op see en berge.
Vir verdere inligting en besprekings
kontak ons by:
jettysalomons@telkomsa.net
082 320 6577 of
021 856 0736
Piet en Jetty Salomons

On the Balcony

selfsorg-eenheid vir maksimum 4 persone.
Volledige inligting beskikbaar op
www.wheretostay.co.za/onthebalcony/
of ingridkl@iafrica.com
of 021 910-2260
Gert & Ingrid Klapwijk

Boekenuus

- **Deddens, K: Where everything points to Him**

Wanneer Christus sy gemeente saamroep in 'n erediens, moet alles getuig van en wys na Hom. Sy genadegroet, sy Woord, selfs die antwoord van die gemeente moet getuig dat alles van Hom af kom en na Hom wys. Alles in die erediens moet gerat wees om Hom te loof en te prys! En nie soos sommige dink: "…some of the worshipers seem to think that a worship service is essentially a meeting between people in which social and aesthetic norms must prevail".
(R 199)

FOLMER BOEKHANDEL

Bondstraat 7, Oakdale Bellville 7530
Tel: (021) 948-5883

e-pos: folmerboek@telkomsa.net
Posbus 1453, Sanlamhof 7532

- - -

Folmer Boekhandel (Pretoria)
Irene van der Meer
Laseandralaan 115
0186 Môregloed
Tel/Faks: (012) 333 8064
e-pos: folmerpta@telkomsa.net
Posbus 26489
0031 Gezina

- **Zomer JZN, G: Geef me maar een kus. *Kleine handreiking voor een eenvoudig bijbelgebruik in het pastoraat***

Hierdie boek is geskryf om te dien as handleiding vir die ampsdraer en die pastorale werker. Hier vind ons aanwysings, wenke en ervarings vir die persoon wat graag met die Bybel in die hand besoeke wil aflê. 'n Aantal aanbevole tekste word kortliks verklaar. Van die hand van Lenze L Brouwers vind u in hierdie boek 'n aantal bruikbare gebede vir die huisbesoek, siekebesoek, ens. As bylae 'n vertaling in hedendaagse Nederlands van *De Ziekentroost (Dat is onderwijs in het geloof en in de weg tot behoud, om in vrede met God te sterven) van Cornelis van Hille (1540-1600)*. (W&W 79. R 145)

- **Deddens, K: Fulfil your ministry**

Hierdie boek bevat 'n aantal artikels van dr Deddens uit die jare toe hy dosent was aan die teologiese skool van die Canadian Reformed Churches (1984 – 1990). Die erediens, liturgie en die ampte kom aan die orde onder titels soos:
"…he desires a noble task…" (1 Tim 3:1): Profile of a pastor; Are elders and deacons office-bearers?
"… I will worship…" (Psalm 5:7): The office and duty of the organist; May children participate in the Lord's Supper.
"Preach the Word…" (2 Tim 4:2): Reformed preaching and modern exemplarism. (R 170)

- **Van Well, Herman: Dienst doen. *Praktijkboek voor diakens***

Hierdie boek bied 'n sistematiese weergawe van die diakonale werk deur middel van 'n Bybelse besinning oor die diakonale werk in die gemeente. 'n Inhoudelike dog praktiese handleiding vir diakens. Die boek is ingedeel in kort hoofstukke wat baie geskik is om by die opening van diakonale vergaderings gebruik te word. 'n Handige teksregister kom aan die einde van die boek voor. (R 165)

- **CD - GLORIERYKE PSALMS *Ek wil terwyl ek lig geniet, Gods grootheid sing in psalm en lied…***

Al 150 Psalms - enkele verse - is hartlik deur jeug en volwassenes van verskeie ARSO-skole gesing en is deur orrel en instrumente begelei. (Totiusberyming, verskeie melodieë).
ARSO het hierdie projek onderneem en is finansieel deur die Trust vir Bybelgefundeerde Onderwys gesteun. Hierdeur het elkeen die geleentheid om hierna te luister en dankbaar van harte saam te sing om:
☐ die HERE te loof en te prys;
☐ as kinders en volwassenes wat die voorreg het om die Psalms te sing, dit ook met ander te deel;
☐ te dien as hulpmiddel vir die aanleer van onbekende melodieë; die ideale hulpmiddel by huisgodsdiens, sending en evangelisasie;
☐ 'n aandenking en geskenk te wees.
Om Psalms te sing is deel van ons lewe: in dankbaarheid, aanbidding, beproewing en vreugde - deur al die seisoene van die lewe...
Die Psalms is in die Gereformeerde Kerk die Kandelaar opgeneem. Die opnames en reproduksie is deur professionele persone gedoen.
(R 215 of beskikbaar by die Gereformeerde Laerskool Dirk Postma)

Stigting Woord en Wandel (Eienaar & Uitgewer)
Gilles de Jager (voorsitter)
Berend Kamphuis
Dr Gerard Hagg
Louise Ros (administrasie)

Posbus 31141, Totiusdal, 0134
Tel 012 332 0127
Faks 086 651 9719
E-pos (stigting & administrasie):
kompas.admin@vgk.org.za

Drukker:
Printburo Tel 012 335 9134

Redaksie:
Ds Erik van Alten
Jan de Mooij
Kees Roose
Willemien Kleijn
Irene van der Meer
Arnoud van den Bout

Subredakteurs:
Onderwys en Opvoeding:
Heleen Snijder
Wilma Pouwels
Elders Gelees:
Ds Erik van Alten
Samelewing & Politiek:
Willie Spies
Leer en Lewe:
Ds Kees Kleijn
Wetenskap & Tegnologie:
Lodewijk IJlst
Geskiedenis & Kerkgeskiedenis:
Dr Jan Meijer
Sending & Evangelisasie:
Jan de Mooij
Kuns & Kultuur/Resensies:
Jenny Boon
In Pers-pektief:
Hans Moes
Onderhoude/Verslae:
Tanya de Vente

Redaksieadres:
Cunninghamlaan 1301
Waverley 0186
e-pos : kompas@vgk.org.za

Advertensies:
Navrae by die Administrasie

Elektroniese betalings:
Stigting Woord en Wandel
Nedbank Gezina
Takkode : 16 03 45
Reknr : 1603 031 820
Vermeld asb u naam en lidnommer

Intekengelde (per jaar):
RSA per e-pos : R55
RSA per hand : R110
RSA per pos : R150
Buiteland per e-pos : €10
Buiteland per seepos : €30
Buiteland per lugpos : €40

KOMPAS is die maandblad van 'n stigting wat deur lidmate van die Vrye Gereformeerde Kerke (VGKSA) in die lewe geroep is. Indien u die VGKSA nader wil leer ken, is u welkom om met een van die onderstaande predikante of sendelinge in verbinding te tree:

- **Ds C Kleijn :**
  Shammah 26, Theunisstr, Weltevredenpark 1709; tel 011 679 1646 /
  dskleijn@vgk.org.za
- **Rev BA Matlaela :**
  Soshanguve Noord; tel 073 241 9963
- **Rev T Mogale :**
  19675 Phathudistr, Mamelodi-Oos 0122; tel 012 801-7937 /
  kgwadumogale@vodamail.co.za
- **Ds HH van Alten :**
  Walterlaan 1295, Waverley 0186; tel 012 332-3256 /
  hhvanalten@vgkmaranata.org.za
- **Ds E Viljoen :**
  Mountainviewrylaan 36, Ridgeworth, Bellville 7530; tel 021 919-9149 /
  emyn04@gmail.com

Sendelinge in diens van die kerke is:

- **Ds DM Boersma :**
  Hibiscusstraat 54,Chantelle 0182 tel 012 549-3668 /
  dmboersma@vgkmaranata.org.za
- **Ds PG Boon :**
  Dunwoodielaan 1201, Waverley 0186; tel 012 332-1028 /
  pgboon@vgkmaranata.org.za
- **Dr JA Breytenbach :**
  Blackwoodstr 12, Bellair, Bellville 7530; tel 021 919-4215 /
  hmbreytenbach@gmail.com
- **Ds T de Boer :**
  Mantova 30, Aerangisstraat, Môregloed 0186; tel 012 333-5602 /
  tdeboer@vgkmaranata.org.za
- **Rev MP Magagula :**
  575 Blok GG, Soshanguve 0152; tel 012 798-1553 /
  magagula@telkomsa.net
- **Rev J Mhlanga :**
  Kerkgebou, 624 Blok WW, Soshanguve-Suid; tel 012 791-0983 /
  jmhlanga@vgkmaranata.org.za
- **Rev GF Mnisi**
  Soshanguve; tel 072 237 2412

Hurter Spies Ing.
prokureurs • attorneys

Prokureurs, Notarisse en Aktevervaardigers

- Eiendomsreg
- Opstel van koopooreenkomste
- Registrasie van oordragte
- Advies met verkoop van eiendom
- Notariële waarmerkings
- Testamente
- Algemene regsadvies

Kontak: Willie Spies of
Johan Hurter
Telefoon 012-664-0708
of epos willie@hurterspies.co.za